

DIE LEWENDE TAAL

Nº II

VIR STANDAARD iii

J. L. MOERDIJK
EN

D. J. VAN ROOY, B.A.

SKb
439.368

MOE

BLACKIE EN SOON BPK.

DIE LEWENDE TAAL

No. II
(Vir Standaard III)

GOEDGEKEUR DEUR DIE SKOOLBOEKE-
KOMMISSIE VAN DIE SUIDAFRIKAANSE
AKADEMIE

J. L. MOERDIJK

Inspekteur van Skole

EN

D. J. VAN ROOY, B.A.

Onderwyser, Gymn. H. Skool, Potchefstroom

BLACKIE EN SOON, BEPERK
LONDEN EN GLASGOW

1920

WENKE VIR DIE ONDERWYSER(ES)

1. Hierdie boekie is bestem vir die leerlinge van Standard III.
2. Die leerstof sluit aan by die "LEWENDE TAAL" No. I (St. I en II).
3. Die leerstof word gevorm deur:—

A. STELOEFENINGE, WAT BESTAAN UIT

- (a) Die omsette van sinne (Woordorde).
- (b) Die soeke van teëstellinge.
- (c) Die uitwerke van eenvoudige vergelykinge.
- (d) Skriftelike weergawe van die inhoud van 'n kort stukkie prosa of poësie.
- (e) Beskrywing van 'n eenvoudige prentjie.
- (f) Kort beskrywinge van welbekende diere en dinge.

Aan die skriftelike reproduksie moet steeds 'n noukeurige *waarneeming* en 'n degelike *mondelinge behandeling* voorafgaan.

As daar b.v. in die eersvolgende les oor 'n *perd*, 'n *koei*, 'n *mielie* of 'n *oorlosie* gepraat word, wek dan die kinders op om voor die tyd, die dier, die plant, die ding so noukeurig moontlik in sy natuurlike omgewing waar te neem. As die onderwerp dan in die klas aan die orde kom, gaan dan sorgvuldig na, wie van die kinders moeite gedoen het om die dinge goed te leer ken.

Vermyn by die mondelinge behandeling sorgvuldig alle vrae, waarop met *ja* of *nee* geantwoord kan word. b.v. Op die vraag: Loop die perd in die veld? Groei die mielie op die land? kan met *ja* of *nee* geantwoord word. As die vraag egter so gestel word: Waar loop die perd? Waar groei die mielie? dan moet die leerling in 'n volledige sin antwoord. Stel u vrae oor een of ander onderwerp b.v. 'n oorlosie so, dat die verskillende antwoorde 'n enigssins volledige geheel vorm, waarin 'n behoorlike gedagtegang sit. Die kinders moet leer om *geleidelik* te vertel, wat hulle waarneem.

Die lese en bespreke van elke styloefening kan mens as 'n aanskou-

ingsles beskou en dit kan dus ook in een van die ure, wat vir die leesonderwys bestem is, plaas vind.

Die reproduksie van wat gelees en bespreek is, behoort tuis by die taalonderwys.

B. TAALOEFFENINGE

Agtereenvolgens word in verskillende oefeninge behandel:—

- (a) Die vernaamste leestekens.
- (b) Die gebruik van hoofletters.
- (c) Die sinsontleding (onderwerp en Gesegde).
- (d) Selfstandige naamw. met hul eenvoudigste meervoudsvorme.
- (e) Byv. naamw. Verbuiging daarvan. Trappe van vergelyking.
Stoflike byv. naamw.
- (f) Persoonlike voornaamw.
- (g) Werkwoorde.

Gebruik van *het*, *is*, *sal* om die tyd aan te dui.

Daar suiwer skrywe meer 'n gevolg is van noukeurig sien as van taalreëls toe te pas, het ons getrag om ons tot die noodsaakelikste te bepaal.

Steeds moet die reël uit die gegewe voorbeelde, wat altyd voorafgaan, opgespoor word en in die daaropvolgende oefeninge toegepas word.

Om duidelik te maak wat hiermee bedoel word, sal ons eers vir 'n oomblik aanneem, dat ons 'n eerste les moet gee in verband met Byvoeglike naamwoorde.

In oefening 36 word hiermee 'n begin gemaak. Nou sou dit heeltemaal verkeerd wees om die kinders eers te gaan vertel wat Byv. naamw. is en hulle dan die Byv. naamw. te laat opsoek. Nee. Laat eers die versie lees. Doen dan vrae in verband hiermee en die beantwoording sal vanself tot 'n juiste definisie van Byv. naamw. lei.

Soveel moontlik moet die heuristiese leerwyse toegepas word, d.i. laat die leerlinge die reëls self soek en formuleer.

Die diktaat is 'n toets vir die bekwaamheid van die leerlinge om *suiwer* te skrywe.

Dit word telkens aan die end van 'n reeks oefeninge gekry, waarin sekere moeilikhede behandel is.

Voor op-en aanmerkinge hou ons ons aanbeveel.

Die spelreëls en Woordelys van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en kuns is gevolg. Ook is gebruik gemaak van die "AFRIKAANSE TAALBOEK" van Dr. D. F. MALHERBE.

DIE LEWENDE TAAL

STANDAARD III

1

HOOFLETTERS EN LEESTEKENS

Lees dit en let goed op—

a. watter woorde met in hoofletter geskrywe word.

b. watter leestekens gebruik word.

Hoeveel windstreke is daar?

Daar is vier windstreke: die Noorde, die Ooste, die Suide en die Weste.

Soe, die Suidewind is in Suid-Afrika partykeer koud!

Die Suidewind is koud; die Noordewind is warm.

Waar is Oos?

“Ek weet,” sê Koos.


“Dis daar, waar die son opkom.”

2

HANS EN ANNIE

Skrywe die stukkies af en plaas die leestekens in—

Daar was eendag 'n pa en ma wat vier kinders gehad het. Hulle name was Hans, Piet, Annie en Marta. Eendag kom Hans en Annie, die twee oudste kinders, uit die skool. Op pad huis toe moes hulle deur bosse gaan. Kyk, Hans roep Annie hoe



'n mooi voëltjie lê daar op die gras Waar vra Hans Daar sê Annie vlak voor jou Hulle loop altwee daarnatoe Annie neem die diertjie in haar hande Arme voëltjie sê sy dis seker 'n stout seun wat jou dood gegooi het kyk bietjie Hans hoe mooi is sy veertjies Wat moet ons daarmee doen Annie sê Hans Ons sal hom saam neem hústoe en hom in ons tuintjie begrawe sê Annie Ja diŝ 'n goeie plan sê haar broer.

3

DIE PERD

Beantwoord die volgende vrae.

Begin elke sin met die vetgedrukte woord—

Watter soort dier is **die** perd? (grootste huisdier).

Wat sien jy **aan** sy mooi kop? (groot oë, spits ore, wye neusgate).

Waarmee is **sy** krom nek bedek? (maanhare).

Waarmee is **sy** lyf nog versier? (hare, stert).

Waardeur word **sy** liggaam gedra?

Waarin end **elke** poot? (hoef).

Hoe noem ons 'n klein perdjie?

Hoe noem ons **die** pa van 'n vul?

En hoe word **die** ma genoem?

Waarvoor word **die** perd gebruik? (trekdier en lasdier).

4

Skrywe dit netjies oor.

Let goed op die leestekens en hoofletters—

Ek het maar net één kop.

'n Vul is 'n klein perd.

Die hond kyk met groot oë na die leë bord.

Die swak blommetjie kon die koue nie uitstaan nie.

Suidafrika is 'n mooi land.

Jan van der Merwe woon op die plaas Kalkoenkrans.

Kaapstad, die hoofstad van Kaapland, lê aan die voet van Tafelberg.

5

MY NEFIE

*Die hoofletters en leestekens is in hierdie stukkies weggelaat.
Skrywe af en verbeter—*

my ne fiese naam is johannes van der walt hy woon op die plaas rietvlei die plaas lê in die distrik waterberg naby die sandrivier my nefie is nege jaar oud op die vyfde april word hy tien die dag val op 'n sondag oor nog 'n week is dit pase krismis kom my 'nefie saam met oom hendrik en tant sannie na ons toe laaste jaar was my broer dolf en ek by hom gewees ons het 'n baie lekker tyd gehad.

6

DIE TYD

Skrywe af en vul in—

Die tyd word verdeel in eeue, jare, maande, weke, dae, ure, minute en sekonde.

'n Eeu duur jaar.

Daar is gewone jare en skrikkeljare.

'n Gewone jaar het dae.

In 'n skrikkeljaar is daar dae.

'n Jaar het twaalf

'n Jaar word ook verdeel in weke.

Die maande is nie almal ewe lank nie.

In 'n skrikkeljaar het Februarie dae.

In 'n week is daar vyf, ses en één

'n Dag het ure.

'n Uur het minute.

'n Minuut het sestig

7

Hier is die leestekens. Die meeste het jy al vroeër gesien. Skrywe hulle netjies oor en as jy hulle in jou leesboek of in jou taal oefeninge teëkom, let dan nog 'n keer goed op hoe hulle gebruik word. Op die manier leer jy hulle self ook goed gebruik.

.	punt.	;	kommapunt.
,	komma.	'	afkappingsteken.
"	kleín-toonteken.	!	uitroepsteken.
^	sametrekkingssteken.	:	dubbelpunt.
" "	aanhalingstekens.	..	deeltéken.
?	vraagteken.	—	koppelteken.

8

DIE REIS DEUR DIE BOS

Diktee—

“Kom, kêrels, ons gaan na die bos!” sê Karel. “Ek is bang!” sê Piet, “want daar is wolwe!” Maar Jan sê: “Daar is tien van ons en ons hoef nie bang te wees nie!”

Die tien seuns gaan dus na die bos. Wat sou gebeur as die wolf kom? Hulle was skaars tussen die bome, of hulle hoor 'n geraas. “Wat sou dit wees?” sê Karel. “Kan die wolf ons hoor?” vra 'n ander. Piet skree: “Vlug, kêrels!”

Hulle lê die rieme plat.

Waarvoor was hulle mooi so bang? Vir 'n haas!

Die haas kyk so effe om en sê: “Die seuns is nog banger as ek.

9

DIE PERD

Vul in—

Die perd is een van ons grootste Sy oë is Sy ore
en sy neusgate Sy nek is, sy maanhare is, sy lyf
is en sy stert is

Met die pote kan die perd stadig of vinnig Aan
elke poot het hy 'n

'n Klein perdjie word genoem 'n Die pa van die vul
word genoem en die ma word genoem. Die merrie laat
die vul drink. Daarom noem mens die perd 'n

Die perd se hare is swart, of, of

Daar is karperde en

10

IN DIE OGGEND

Lees hierdie sinne—

Die lug word rooi.

Die haan kraai.

Die hennie word wakker.

Die kaffer maak vuur.

Die ketel kook.

Die mense drink koffie.

Die melkboer gaan na die kraal.

Die koeie bulk.

Die lam is plesierig.

Die skoelapper vlie.

Die kind eet.

Die jongetjie gaan na skool.

Die boer gaan na sy land.

Die boer is 'n landman.

Antwoord nou hierdie vrae—

Hoe word die lug?
 Wat doen die haan?
 Hoe word die hene?
 Wat doen die kaffer?
 Wat doen die ketel?
 Wat doen die mense?
 Wat doen die melkboer?
 Wat doen die koeie?
 Hoe is die lam?
 Wat doen die skoenlapper?
 Wat doen die kind?
 Wat doen die jongetjie?
 Wat doen die boer?
 Wat is die boer?

11

Skrywe nou netjies in 'n ry die name van die mense, diere, plante of dinge, waarvan iets gesê word

Onthou—

Die persoon, die dier, die plant of die ding, waarvan iets gesê word in die sin, is die **onderwerp**.



Wat daar van die onderwerp gesê word, noem ons die **gesegde**.

12

Skrywe die sinne uit oefening 10 weer op, maar trek 'u strepie tussen die onderwerp en die gesegde.

Op hierdie manier—

<i>Onderwerp.</i>		<i>Gesegde.</i>
Die lug	—	word rooi.
Die haan	—	kraai.



13

'N BEES

Skrywe dit netjies oor—

'n Bees is nie so groot as 'n perd nie.
 Sy pote is korter.
 Sy lyf is nie so mooi nie.
 'n Bees het 'n groot bek.
 Sy bo-lip is baie dik.
 Sy neus is breed en sy voorkop plat.
 Sy ore is langer as die van die perd.
 Op sy kop het hy twee sterk horings.
 Die horings is rond, glad en skerp.
 Die nek is kort en vol rimpels.
 'n Jong bees word 'kalf genoem.
 Die bul is die pa van die kalf.
 Die koei is die kalf se ma.
 Tussen die agterpote van die koei is 'n groot uier.
 Aan die uier sit vier spene.
 Agter aan die lyf hang 'n lang stert.
 Aan elke poot het 'n bees twee kloue.

14

'N WARM DAG

Trek 'n strepie tussen die onderwerp en die gesegde—

Die son steek.
 Die weer is drukkend.
 Die lug trek toe.
 Die weerlig slaan uit.
 Die beeste bulk.
 Die wind word sterker.
 Die stof dwarrel.

Die weer dreun.
 Die reën val.
 Die hael slaan neer.
 Die water 'stroom.
 Die bui gaan oor.
 Die reën hou op.
 Die wind gaan lê.
 Die lug trek oop.
 Die son skyn.
 Die lug is fris.
 Die beeste vreet.
 Die mense loop uit.

15

Antwoord die volgende vrae—

Is 'n skaap groter of kleiner as 'n perd of 'n bees?
 Hoe noem ons 'n mannetjieskaap?
 Hoe noem ons 'n wyfieskaap?
 Hoe word 'n klein skapie genoem?
 Wat het die ram op sy kop?
 Hoe lyk die horings?
 Waarmee is die lyf van 'n skaap bedek?
 Wanneer is dit skeertyd?
 Waarmee skeer die boër die skaap?
 Wat word van wol gemaak?
 Hoe veel kloue is aan elke poot?
 Hoe veel lammers het 'n skaap?
 Wat doen hulle?
 Wat kry ons van die skaap?

16

Vul die onderwerp in—

.... gaan skool toe.
 laat die vul drink.
 maak vuur in die stoof.
 lê 'n eier.
 het twee sterk horings.
 Aan elke poot het 'n hoef.
 Elke dag gaan skool toe.
 Op die land groei
 vang die muis.
 is 'n insek.
 word vol wolke.
 dreun.
 Aan 'n appelboom hang
 In 'n rondawel woon
 In die rivier stroom
 Smôrens kom op. Saans gaan onder.
 Tussen die pote van 'n koei is

17

DIE SKAAP

Vul in—

Die skaap is kleiner as die en die
 Die mannetjie word genoem en die wyfie
 'n klein skapie word genoem.
 Meeste ramme het op die kop.
 Die horings is
 Die lyf van die skaap is bedek met
 In die maande en word die skaap geskeer.
 Van die wol maak mens
 Aan elke poot het die skaap
 Die lam is
 Die skaap is 'n baie nuttige dier.
 Hy gee ons, ... en

18

Vul die gesegde in—

'n Jaar
 'n Dag
 Die oë van 'n perd
 Die poot van 'n os
 Die pa van 'n vul
 Die ma van 'n vul
 Die skaap
 Die son
 Die lug
 Die skoenlapper
 Die melkboer
 Die water
 Kaffers
 Die predikante....
 Soetriet

19

Trek 'n strepie tussen die Onderwerp en die Gesegde van die volgende sinne—

Die gras is groen.	'n Kind word 'n man.
Die lug is helder.	Die kinders het ge lees.
Die voëltjē is gevang.	Die huis word gebou.
Die bok word geskiet.	Die grond word bewerk.
Die hond is 'n huisdier.	Die klok het geslaan.

So—

<i>Onderwerp.</i>		<i>Gesegde.</i>
Die gras	—	is groen.

20

DIERE EN MENSE

Plaas die gesegdes uit die 2^{de} ry by die passende onderwerp—

Die leeu	is 'n skelm.
Die valk en die kuikendief	is 'n geraasmaker.
Die papegaai	is 'n nagwag.
Die by	is 'n posbode.
Die laksman	is 'n straatroller.
Die sywurm en die spinnekop	is 'n padwyser.
Die haan	is 'n babbelaar.
Die mol	is rowers.
Die duif	is 'n hoogspringer.
Die uil	is 'n mynwerker.
Die heuningvoëltjie	is 'n hardloper.
Die bobiaan	is 'n wasfabrikant.
Die gans	is 'n moordenaar.
Die miskruier	is wewers.
Die haas	is 'n wekker.
Die springbok	is 'n koning.

21

Trek 'n strepie tussen die Onderwerp en die Gesegde van die volgende sinne—

Loop die perd?	Word 'n kind 'n man?
Kruip die rups?	Sal die onderwyser vertel?
Is die spreek 'n voël?	Het die kind geslaap?
Is die jakhals gevang?	Was die koring geoes?
Is die bok geskiet?	Word die land bewerk?

So—

<i>Onderwerp.</i>	<i>Gesegde.</i>
Die perd	— loop.

22

ALLERLEI AMBAGTE

Lees dit—

Die boer en sy volk werk op die land.

Daar is 'n ploeg, 'n eg, 'n skotskar en 'n trollie.

Die timmerman gebruik 'n saag, 'n byl, 'n skaaf, 'n hamer en 'n beitel.

Die bakker bak heerlike brode en koek.

Die blomkweker het allerlei mooi blomme en plante in sy blomtuine.

As jou skoene of slippers stukkend is, bring hulle dan maar na die skoenmaker.

Die boekhandelaar verkoop boeke, leie, ink, penne, penstele, potlode, skryfboeke en liniale.

Mooi vrugteboompies kry mens by die boomkweker.

Op die veeboer se plaas sien mens koeie, kalwers, osse, skape en bokke.

'n Sirkusman maak allerlei kunste met leeus, tiers, olifante, slange, perde, honde en nog meer ander diere.

23

Skrywe die name van mense, diere, plante en dinge in vier rye.

Onthou—

Name van mense, diere, plante en dinge is selfstandige naamwoorde.

24

'N SAKOORLOSIE



Vul in—

Die oorlosie is 'n

Dit wys die aan.

Die kas van die is van of gemaak.

Op die wyserplaat sien mens twaalf en twee: een en een



Die lang wyser wys die aan en die korte die
Partykeer is daar nog 'n klein

Dit is die

Die rant van die wyserplaat is in gelyke dele verdeel.

Die oorlosie word in beweging gebring deur 'n

Die oorlosie is reg, vóór of

Mens dra sy oorlosie aan 'n in sy

25

Skrywe die volgende selfstandige naamwoorde in die ry, waarin hulle behoort.

Mense.

Diere.

Plante.

Dinge.

duif, meester, boek, ploeg, barber, roer, trapsuutjies, boetebossie, bobiaan, spaanspek, ploegskêr, geelvis, waterkan, vurk, uintjie, tinginkie, stamvrug, sout, pannekoek, ertappel, mallemeule, padda, steenbok, slang, poliesman, sering, roomafskeier, boontjie, trouwing, drywer, touleier, goud, tante, dokter, verewa, roos, bottel, tulp, waterlemoen, lekewaan, sendeling, rivier, soldaat, spruit, suikerbekkie, krokodil, sekretaris, laksman.

26

ONS OË

Lees dit—

1. Ons oë is sintuië.
2. Ons kan daar mee sien.
3. Wie nie kan sien nie, is blind.
4. Ou mense se oë is baie maal swak.
5. Ons het twee oë: een regter- en een linkeroog.
6. Ons oë sit nie aan, maar in ons kop.
7. Bo op elke oog is 'n ooglid.
8. In die oog sien ons 'n ronde bolletjie.
9. Daardeur kom die lig in.

Skrywe nou self 9 sinnetjies oor Ons Ore.

27

IN DIE SKOOL .

Lees dit—

Ons skool is 'n groot gebou.

Aan elke kant van die gang is vyf klaskamers.

Dan is daar nog 'n kamer vir die meesters.

Daar is ook plek vir hoede en kappies.

Die mure is hoog en die ruite deurskynend.

Vóór die klas staan 'n bord en teen die muur is 'n boekekas.

In die boekekas is boeke, leie, griffies, en inkbottels.

Kaarte en plate hang aan die muur.

Op die plate is leeus, tiers, bobiane, aasvoëls, appelbome, roosbome, ploëë, êë en nog baie ander dinge geteken.

Die onderwyser of die onderwyseres vertel ons daarvan.

28

Skrywe die enkelvoudige selfstandige náamwoorde in 'n ry en sit die meervoud daaragter.

Skrywe ook die meervoudige selfstandige naamwoorde in 'n ry en sit die enkelvoud daaragter.

29

Trek 'n strepie tussen die Onderwerp en die Gesegde van die volgende sinne—

'n Vlermuis is nie 'n voël nie.

'n Hond kan nie vlie nie.

'n Voetpad is nie breed nie.

'n Druif is nie rooi nie.


'n Vark is nie skoon nie.

'n Papegaai kan nie sing nie.

'n Bol is nie vierkantig nie.

Hierdie berg is nie hoog nie.

Die dam is nie diep nie.



So—

<i>Onderwerp.</i>	<i>Gesegde.</i>
'n Vlermuis	— is nie 'n voël nie.

30

DIE HOND

Lees dit—

Die hond is 'n huisdier.
 Meesal het hy 'n lang kop.
 Die punt van sy reguit neus is gewoonlik nat.
 Op sy lyf groei lang hare. Party honde het krul hare.
 In plaas van hoewe of kloue het hy naels aan die tone.
 Daar is 5 naels aan elke voorpoot en 4 aan elke agterpoot.
 As hy loop raak die naels aan die grond.
 Dit maak, dat hulle slyt.
 Onder die tone sit kussinkies.
 Klein hondjies se oë bly vir omtrent nege dae toe.
 Die pa van klein hondjies word reün genoem, die ma teef.
 'n Hond eet wel brood en ertappels, maar eet tog liever vleis. Hy is 'n vleisetende dier.
 'n Hond kan baie goed ruik.
 Hy is ook baie waaksaam.

31

DIE HOND

Vul nou in—

Die hond is een van ons
 Die vorm van sy kop is gewoonlik
 Die neus is en
 Sy lyf is bedek met en hare.
 Hy het nie hoewe nie, soos die en die, maar
 Aan elke voorpoot het hy en aan elke agterpoot sit daar

Onder sy pote is daar

Klein hondjies kan eers nie

As hulle nege dae oud is, gaan hulle

Die mannetjies hond word genoem en die

'n Hond hou wel van mieliepap en brood, maar wil tog liewer 'n

Hy eet nie plante nie, maar is 'n dier.

Waarom kan hy die spoor van 'n haas so maklik kry?

Mens gebruik die hond ook om die op te pas.

Hy is 'n baie dier.

32

Skrywe dit netjies oor—

Enkelvoud.

Die groente groei in die tuin.

Die appel hang aan die boom.

Die kind eet 'n appel.

Die leeu boer in die bos.

Die lam loop agter die skaap.

Die skool is 'n gebou.

Die skoenlapper is 'n insek.

Meervoud.

Dié groentes groei in die tuine.

Die appels hang aan die bome.

Die kinders eet appels.

Die leeus boer in die bosse.

Die lammers loop agter die skape.

Die skole is geboue.

Die skoenlappers is insekte.

Onthou—

As die onderwerp enkelvoud is, dan is die gesegde ook enkelvoud.

As die onderwerp meervoud is, dan is die gesegde ook meervoud.

33

Skrywe in die meervoud—

Die perd loop in die vlei.
 Die eikel groei aan die eikeboom.
 Die kaffer ja die os aan.
 Die lam suip aan die ooi.
 Die kalf moet saans in die kalwerhok kom.
 Die muis vreet 'n gat in die sak.
 Die volstruis lê 'n groot eier.
 Die boer het 'n waterlemoen huistoe gebring.
 Die jakhals vang 'n hoender uit die hok.
 Die klip rol van die krans af.
 'n Hond is 'n huisdier.
 Op die bord staan 'n naam.
 Die jagter ja in die bos.
 Die muur van die skuur staan skeef.

34

DIE KAT

Lees dit—

Wie ken die mooi dier hier op die plaat nie?
 In amper elke huis is daar 'n kat.
 Hy loop nie soveel rond as 'n hond nie.
 Hy hou die meeste van die voorhuis.
 As mense trek, bly hy partykeer agter.
 So lief het hy die huis!
 Die kat het 'n ronde kop, 'n kort reguit neus en 'n paar
 spits ore.
 Op die bo-lip dra hy 'n snor.
 Met die snorhare voel die kat.
 Sy lyf is baie slap.
 Hy kan dit op allerlei maniere draai.
 Sy vel is dig begroei met hare.



Die hare is wit, swart, gryns, geel of bont.
 As hy loop trek hy sy naels in.
 Daarom is hulle baie skerper as die van 'n hond.
 Hy het ook kussinkies onder die pote.
 'n Kat kry 3, 4, 5 of 6 kleintjies.
 Die klein katjies is ook vir 'n paar dae blind.
 Die kat is 'n sindelike dier.
 Hy was hom goed tien keer op één dag.
 Rotte en muise laat sy mond water.
 Die kat is 'n baie nuttige dier.
 Jammer, dat hy partykeer so vals is.

35

DIE KAT

Vul in—

Op die plaatjie sien ek
 Hy sit daar in die
 Dit is sy
 Die hond loop graag rond, maar die kat
 As die mense trek, bly die kat
 Die kat het 'n kop.
 Sy neus is en
 Sy ore is
 Op die bo-lip dra die kat
 Met die kan hy goed
 Die kat kansy lyf op allerlei maniere
 Sy lyf is baie
 Sy vel is
 Die hare is, ..., ..., of
 As hy loop trek hy sy in.
 Daarom bly hulle so
 Onder die pote het hy

Daarom kan hy so sag
 Die kleintjies is eers
 Die kat was hom baie. Hy is dus 'n dier.
 Hy vang en
 Ons moet die kat nie te veel vertrou nie.
 Partykeer is hy baie

36

DIE NESSIE VAN 'N VINK

Lees dit—

Ek ken 'n klein, mooi huisie;
 Nie hoekig nie, maar rond.
 Soek in die digte rietbos,
 Nie op die ope grond.



Wie woon in hierdie huisie?
 G'n mens nie, man of vrou;
 Dit is twee liewe vinkies,
 Die het dit hier gebou.

Antwoord die volgende vrae—

Hoe lyk die huisie?	Hoe is die grond?
Hoe lyk die huisie nie?	Hoe is die vinkies?
Hoe is die rietbos?	

Onthou—

Woorde, wat sê, hoe mense, diere, plante of dinge is, word byvoeglike naamwoorde genoem.



37

DIE VARK

' Wat is die naam van die dier op die plaatjie?
 Wat doen 'n vark graag? (modder).
 Is hy 'n vuil of 'n skoon dier?
 Is hy vriendelik of nors?
 Wat doen 'n vark, as mens naby hom kom?
 Hoe lyk sy oë?
 Wat kan jy vertel van sy ore?
 Wat sê mens vir die neus van 'n vark?
 Watter dier se neus lyk net so?
 Wat doen hy met sy snoet?
 Waarom grawe hy met sy snoet in die grond?
 Wat eet 'n vark?
 Hoe sit sy dik kop vas aan sy lyf?
 Wat maak mens van varkhaar?
 Hoeveel tone het hy aan elke poot?
 Het hy hoewe of naels?
 Wat kry ons van die vark?
 Hoe noem ons die mannetjie?
 En die wyfie?

38

DIE VLIËR

'n Vlieër word van dun hout en papier gemaak. Die kuns is om hom lig en tog ook sterk te maak. Die regter- en die linkershelfte moet ewe swaar wees. Aan die middelste latjie word bo en onder 'n toutjie vasgebind. En aan die toutjie word die garing vasgemaak om hom te laat vlie.

'n Vlieër het ook 'n stert. Aan die stert kan mens 'n paar bossies gras of iets anders vasmaak. Hoe sterker die wind is, hoe swaarder die stert moet wees. Die stert keer, dat die vlieër nie bokspring nie.

Dis mooi om die vlieër so deur die lug te sien seil.


39

Vul aan met 'n gepaste woorde—

Ek is bang om in die put af te gaan, dit is te
 Ek kan met die mes nie sny nie, dit is te
 Ek kan hierdie skoene nie aantrek nie, dit is te
 Ek kan die neut nie kraak nie, dit is te
 Ek kan hierdie melk nie drink nie, dit is te
 Ek kan die klip nie wegkry nie, dit is te
 Ek kan die perd nie vashou nie, hy is te
 Die hout wil nie brand nie, dit is te
 Ek kan hierdie som nie regkry nie, dit is te
 Ek kan met hierdie pen nie skrywe nie, dit is te
 Ek kan die perske nie bykom nie, dit hang te
 Ek kan die krans nie uitklim nie, dit is te

40

*Vertel in kort sinne maar in geregelde volgorde, wat hier gebeur—
 (Eers mondeling, dan skriftelik.)*



41

a. *Vul in met 'n byvoeglike naamwoord.*

b. *Skrywe daarna elke sin in die meervoud—*

Die hond het meesal 'n kop.

Die kat se kop is

Die olifant is, maar die muis is

'n Hond se nael is, maar 'n kat s'n is

'n Ryp appel is, maar 'n groen perske is

Die kat was hom baie: hy is 'n dier.

Oupa is 'n man, maar 'n kind is nog

Die toring is, maar die rondawel is

Die vink se nessie is en

Die vink bou sy nes in die rietbos.

Die vlakvoël bou sy nes op die grond.

42

Skrywe die byvoeglike naamwoord in die vereiste vorm—

My (klein) broertjie het (blou) oë, (rond) armpies en 'n (wit) velletjie.

My Pa het 'n (donkerbruin) en ook 'n (skimmel) perd.

Gedurende 'n (swaar) droogte sien mens orals (leeg) damme en (dood) gras.

In die (vlak) water van die (helder) rivier, sien mens (glad) klippië.

Agter daardie (skurf) rand, is daar (opgedam) water.

(Lui) kinders doen (half) werk.

Dis (vol) maan vanaand.

Na (donker) dae kom (vrolik) sonneskyn.

Die (gekwes) bok hol in (blind) vaart die (steil) rand af.

Die man het 'n (lang) en (nuttig) lewe gelei.

Met 'n (asvaal) gesig, kom die (verskrik) kind die huis in.

Die (goed) Oom vertel die (lief) meisie 'n (gaaf) storie.

43

Vergelyking. Vul aan—

So sterk as 'n leeu	So ^{swart} as die nag.
So hard as 'n klip	So ^{raais} as 'n kat.
So diep as 'n put	So ^{blou} as die hemel.
So taai as gom	So as ys.
So rooi as bloed	So as vuur.
So wit as sneeu	So as 'n jakhals.
So swaar as laod	So as 'n mier.
So reguit as 'n pen	So as 'n skaap.
So rond as 'n bal	So as 'n esel.
So groot as 'n berg	So as asyn.

44

DIE VARK

Vul in—

Op die plaatjie sien ek 'n
 Hy boer so graag in die
 Hy is dus nie nie.
 Hy is ook nie vriendelik nie, maar
 As ek naby hom kom, ... hy.
 Sy oë is en sy ore
 Sy neus lyk soos die van 'n
 So 'n neus noem mens 'n
 Met sy snoet die grond om.
 Dit doen hy om te seek.
 'n Vark eet:, ... en
 Sy hou sy dik kop vas aan sy lyf.
 Die lyf is bedek met harde
 Daarvan maak mens en
 Aan elke poot het hy tone.
 Die tone is bedek met of
 Die vark gee ons en
 Die mannetjie word genoem en die wyfie

45

Vergelyking. Dink goed na en vul aan—

Hierdie hout is so droog as kurk.

Hierdie vrag is so lood.

Hierdie water is so glas.

Daardie man is so 'n bees.

Daardie botter is so goud.

Hierdie brood is so klip.

Hierdie goed is so sy.

Die lint is so gras.

Hierdie pruime is so bloed.

Hierdie vleis is so leer.

Hierdie drank is so suiker.

Daardie melk is so asyn.

Daardie medisyne is so gal.

Ons vloer is so spieël.

46

OOM SE PONIE

Lees dit—

Ken jy die ponie van Oom Koos?

Ek gee hom graag sy hawer.

'n Mooier perdjie is daar nie;

En nêrens is daar gawer.

En dan jy kry geen makker dier,

Of een wat gouër gaan nie;

En watter een dra swaarder vrag

Van hier tot na Oom Fanie?

Vul in—

Ander perdjies is mooi, maar Oom se ponie is nog

Ander perdjies is gaaf, maar Oom se ponie is nog

Ander perdjies is mak, maar Oom se ponie is nog

Oom se ponie is as ander perdjies.
 Oom se ponie is as ander perdjies.
 Oom se ponie is as ander perdjies.
 'n Vrag klippe is as 'n vrag sand.
 'n Skeermes is as 'n broodmes.
 'n Put is as 'n dam.
 'n Rivier is as 'n sloot.
 'n Naald is as 'n spyker.
 Goud is as silwer.
 'n Kaffer is as 'n koelie.
 'n Berg is as 'n koppie.
 Die meester is as die leerling.
 In die somer is die dae as in die winter.
 Op die Hoëveld is dit as in die Bosveld.
 Standaard V se somme is as Standaard III se somme.

Onthou—

Die vergrotende trap word gevorm deur **er** of **der** agter die byvoeglike naamwoord te plaas.

mooi — mooier. swaar — swaarder.

47

'N KLEIN KWAADDOENER

Lees dit—

Die klein kwaaddoener hier op die plaatjie lewe ook in ons huis.

Tog noem ons hom nie 'n huisdier nie.

Van hom het ons g'n voordeel of genoeg nie, soos van die perd, die koei, die skaap, die hond en die kat.

Hy is 'n plaag en doen niks anders as kwaad nie.

Hy is 'n groot snoeper en verniel alles, wat voorkom.

Die klere in die kas, die tapyt op die vloer, alles vreet hy gate in.

Mens noem hom 'n knaagdier.

Die naam pas hom goed.

Almal doen hul bes om hom uit te roei.

By hierdie werk help die kat fluks.

Die vaal diertjie het 'n spits bek en 'n paar groot ore en oë.

Aan sy bo-lip sit 'n yl snorretjie.

Hy het 'n lang, kaal stert.

Dit help hom as hy êrens teen opklim.

Oordag kruip hy weg onder die vloer.

So gou dit goed donker word, kom hy uit sy wegkruip-plekkie.

'n Muisnes bestaan uit strooi, papier, stukkies lap en so voort.

Klein muisies is eers heeltemaal kaal.

In die veld woon 'n neef van die huismuis.

Die is net so 'n onkruid.

Hy vreet die boer se koring en verniel die oes. Dis die veld-muis.

48

MUISIES.

Wat hoor ek daar tog in my huis?

Ek dink dit is 'n stout, klein muis;

Jy moet, pas op, ek roep die kat,

En as hy kom, sal hy jou vat.

Klein muisie, jy is baie stout:

Jy knaag 'n pad deur klei en hout,

Ek hoor jou pluk en byt en wroet,

En so verniel jy mos ons goed.

Kyk nou, daar kom alreeds die kat,

En voor jy dit weet, is jy gevat.

Maar muisie het hom al gemerk,

En laat nou staan sy slegte werk.

Maar katjie lê hom soetjies neer
 Daar voor die gat; kom muisie weer,
 Dan is dit gou met hom gedaan
 Hy wil mos nie die steel laat staan.

—J. Lub.

49

Vergelyk—

Kerk en toring	—	hoog.
Koei en perd	—	groot.
Yster en lood	—	swaar.
Suiker en heuning	—	soet.
Put en see	—	diep.
Muis en rot	—	klein.
Water en ys	—	koud.
Berg en bult	—	hoog.
Pa en Oupa	—	oud.
Son en maan	—	groot.
Glas en diamant	—	hard.

50

Skrywe ook naas hierdie byvoeglike naamwoorde die vergrotende trap:—

sag		swart		oud	
laag		skerp		lekker	
duur		trots		nat	
swaar		lig		ver	
dom		slap		gaaf	
suur		dapper		dik	
wys		braaf		bleek	
vol		skeef		vet	
hoog		nuut		goed	

51

DIE MUIS

Vul in—

Van die muis het ons nie of nie.
 Hy doen ons aan.
 Hy verniel in en die tapyt
 Alles hy stukkend.
 Die mense noem hom
 Dit is 'n vir hom.
 Almal doem hulle bes om hom
 Hierin word ons deur die kat
 Die muis het 'n en 'n paar en
 Aan sy bo-lip
 Sy stert is en
 Oordag
 As dit donker word
 Van en maak hy 'n
 Klein muisies
 Op die veld
 Dit

52

DIE VOËLNES

In hierdie hoë boom,
 Kyk daar op daardie tak,
 Kan jy 'n voëlnes sien;
 Wie klim nou in die boom,
 En waag hom op die tak,
 Om daardie nes te haal?

Die seuns bly almal staan
 En kyk maar net na bo:
 Nee, daarvoor is hul bang.
 Maar Karel sê: "Ek sal!"
 Hy klouter vlug omhoog

En kom tot by die tak,
 Toe kyk hy onder toe.
 Maar o, hoe skrik hy nou!
 Diep onder hom sien hy
 'n Vreselike sloot.

Maar tog kruip hy nog aan
 Tot mooi op daardie tak;
 —Die buig al meer en meer.
 Hy gryp nou gou die nes—
 En—daar was niks meer in:
 Die voëls was al weg,
 Hy kom versigtig af:
 Daar hak hy êrens vas . . .
 En—broekskeur gaan dit toe.

Antwoord nou die volgende vrae—

Waar het die voël nes gesit?
 Waarna het die seuns gekyk?
 Wat het Karel toe gedoen?
 Hoe ver het hy gekom?
 Waarheen kyk hy toe?
 Waar kruip Karel op?
 Waar was niks meer in nie?
 Wat doen Karel toe?
 Hoe het dit met hom afgeloop?

53

Vul aan—

'n Voël nes sit in 'n boom, op 'n
 Die seuns kyk na, maar hulle
 Karel klouter en kom tot by
 Hy kyk', en sien diep onder hom
 Karel kruip tot op die en gryp
 Die voël nes was, want die voëls
 Karel kom versigtig, maar hy en toe gaan

54

'n Kat is klein, 'n muis is kleiner, 'n vlooi is die kleinste.

Vergelyk nou ook—

'n Bok, 'n skaap en 'n koei	—	nuttig.
Silwer, goud en diamant	—	duur.
'n Appel, 'n lemoen en 'n peer	—	lekker
'n Lyntjie, 'n draadjie en 'n haartjie	—	dun.
'n Bult, 'n berg en 'n koppie	—	hoog.
Yster, goud en lood	—	swaar.
Die sloot, die spruit en die rivier	—	breed.
'n Naald, 'n spyker en 'n els	—	spits.
'n Week, 'n jaar en 'n maand	—	lang.
Johannesburg, Bloemhof en Pretoria	—	groot.
November, Desember en Januarie	—	warm.
April, Mei en Junie	—	koud.

Onthou—

Die oortreffende trap word gevorm deur **ste** agter die byvoeglike naamwoord te plaas.

55

DIE YSTERVARK

Waarmee is die rug van 'n ystervark bedek?

Watter dier se snoet lyk net so?

Watter soort geluid kan hy maak?

Watter kleur het die penne?

Watter kleur het sy kop?

Hoe is sy lyf?

Wat doen hy, as hy in gevaar kom?

Wat word dan van sy kop, sy pote en sy stert?

Hoe lyk hy dan?

Waarvan lewe 'n ystervark? (insekte).

Wat is hy dus? (insekteëter).

Hoeveel kleintjies kry 'n ystervark gewoonlik? (4 of 5)

Hoe lyk hulle eers? (kaal en blind).

56

Gee nou die drie trappe van vergelyking van die volgende byvoeglike naamwoorde:—

<i>Stellende</i> <i>trap.</i>	<i>Vergrotende</i> <i>trap.</i>	<i>Oortreffende</i> <i>trap.</i>
ryp	ryper	rypste
sterk		
bitter		
fris		
swaar		
droog		
vroluk		
dun		
duur		
dik		
wit		
skerp		
stomp		
helder		
lekker		
jong		
oud		
ver		
lief		
lui		
vars		
boos		

57

Diktee—

Die roos is die mooiste van al die blomme.
 Die rypste vrugte is ook die gesondste.
 Die duurste klere is nie altyd die beste nie.
 Die rykste mense is nie altyd die gelukkigste nie.
 Goud is die duurste, maar nie die nuttigste metaal nie.
 Water is die goedkoopste en die gesondste drank.
 Salomo was die wyste koning.
 Die jakhals is die skelmste dier.
 Die lammervanger is een van die grootste en sterkste voëls.
 Daardie seun is een van die slimste en vlytigste leerlinge
 van sy klas.
 Watter rivier is die grootste en watter een is die kleinste in
 Suidafrika?
 Die breedste straat in ons dorp is nie die mooiste nie.
 Van alle ondeugde is dronkenskap die ergste.

58

DIE YSTERVARK

Vul in—

Die rug van die ystervark is toe onder
 Sy snoet lyk soos die van
 Soms laat hy 'n geluid hoor.
 Die penne se kleur is
 Sy kop is
 Sy lyf is en word gedra deur
 As daar gevaar kom
 Dan lyk hy
 Sy hele lyf is dan beskut teen
 Hy lewe van
 Daarom noem ons hom
 Hy kry meesal 4 of 5
 Die is eërs

59

Vul in—

Die skoën is van leer gemaak. Die leer skoën

Die kous is van wol gemaak. Die

Die hoed is van

Die sakdoek is van

Die vingerring is van

Die hemp is van

'n Sleutel is van

Die prop van 'n bottel is van

'n Halfkroon is van

Die skoorsteenmantel is van

Die stoof is van

'n Dak is van

'n Knoop is van

'n Pén is van

Die muur is van

Onthou—

Die woorde wol, leer, en so voort, so as hier gebruik, noem die stof, waarvan die dinge gemaak is. **Sy** sakdoek. **Wol** kous. Hulle word dus stoflike byvoeglike naamwoorde genoem.

60

MY DUIWE

Herhaling—

By ons huis staan 'n mooi duiwehok.

Daarin bly my pragtige duiwe.

Hulle het 'n kuif op die kop.


Oordag vlie hulle rond.

Dan soek hulle saadjies op die erf.

Partykeer loop hulle op die hoë dak.

Smôrens gee ek my duiwe kos.

Dan vat ek 'n blik emmertjie met stampmielies.



Dadelik vlie 3 of 4 duiwe op my arms.
 Ek strooi die mielies op die harde pad.
 Daar pik hulle die pitte op.
 Party van hulle pik die lekker mielies sommer uit my
 emmertjie!

In die hok maak hulle mooi, warm nessies.
 Dit maak hulle van strooitjies, takkies en veertjies.
 Gewoonlik lê hulle daar twee klein eiertjies in.
 Dit broei hulle uit.
 Hulle versorg hul kinders goed.
 Die jong duifies is eers maar bra kaal.
 Later kry hulle vere.
 Dan vlie hulle ook rond.

61

Skrywe die sinne van oefening 60 met dié onderwerp vooraan, en onderstreep die gesegde.

So—

'n Mooi duiwehok **staan** by ons huis.

Skrywe die selfstandige naamwoorde van oef. 60 in die enkelvoud en meervoud.

So—

Enkelvoud.
 duif.

Meervoud.
 duiwe.

62

Skrywe al die byvoeglike naamwoorde van oef. 60 op in die stellende, vergrotende en oortreffende trap.

So—

mooi mooier mooiste.

Is daar ook 'n stoflike byvoeglike naamwoord in die lesse?

63

HONGER IS DIE BESTE KOK

Lees dit—

“Ek hou nie **van** daardie kos nie!” sê klein Lettie.

Verdrietig lê **sy** haar vurk neer en staan op.

“Jy moet **dan** maar wag tot vanaand,” sê haar Ma. “Ek sal jou **vanaand** weer kos gee.”

Na die ete gaan **Ma en Lettie** in die tuin werk. Die perskes, wat Ma pluk, moes **Lettie** in 'n mandjie sit en huis toe bring.

'n Paar uur lang was hulle **so** aan die werk.

Ten laaste het hulle genoeg perskes.

Toe gaan hulle sit.

Bietjie later het **Ma** weer tafel gedek. Lettie proe **dadelik** aan die kos en sê: “Hierdie kos smaak baie beter.” Sy het ook **gou-gou** haar bord leeg geëet. Laggend sê **haar** Ma: “Dis dieselfde kos, wat jy vanmiddag laat staan het. Jy is **nou** honger, omdat jy vanmiddag hard gewerk het.”

Skrywe af, maar begin die sinne met die vetgedrukte woord.

64

OP DIE PLAAS

Vul in—

Oom Gert woon nie op 'n nie, maar op 'n

Sy se naam is

Naby sy huis loop 'n

Oom gebruik die se water om sy lande


Die naam van die is

In die somervakansie gaan my broer en ek partykeer vir of dae by Oom Gert

Oom het 4 kinders:, ..., ... en

Sy oudste seun is net so as ek, maar die ander kinders

Smôrens en saans gaan ons kraal toe.



Wat 'n drukte!
 Die koeie en die skape
 Drie of vier kaffers is besig om die koeie te
 Party koeie is mak, maar ander is weer baie
 Die word eers met aan vasgemaak.
 Die agterpote word ook
 Dan skop hulle nog partykeer om.
 Party kalwers se name onthou ek nog:, ..., ..., ..., ...
 Partykeer sê Oom vir die jong: “....., gaan haal my twee
 karperde uit”
 Dan word die kar en Oom gaan bietjie met ons
 Ons ry van die een na die ander
 Party van die plase se name ken ek nog:, ..., ...
 Partykeer moes ons deur twee of drie spruite ry.
 Party drifte is, maar ander
 Na 'n paar uur ry ons weer terug
 Dis baie op

65

Diktee—

Yster is swaarder as hout.
 Die Nyl is Afrika se langste rivier.
 Johannesburg is Transvaal se grootste stad.
 Wol klere is warmer as linne of katoen klere. 'n Goue
 oorlosie is duurder as 'n silwer een. Hout pale breek eerder
 as yster pale.
 In hierdie winkel verkoop hulle blik bordjies, silwer lepels,
 erdskottels en staal en silwer vurke.
 Daar sien jy kristal glas, goue en silwer ringe en koper
 kettings.
 Op die toonbank lê kant gordyne, sye sakdoeke en leer
 handskoene.
 Meeste steen huise het sink dakke.
 Mens skrywe nou meesal met 'n staal pen.

66

Mondeling—

Die boere ploeg.
 Die osse werk.
 Die mielies groei.
 Die treine fluit.

Vrae—

a. Wat word gedoen deur { die boere?
 die osse?
 die mielies?
 die treine?

b. Watter woord vertel ons dit?

Onthou—

Woorde, wat sê, wat gedoen word, word **werkwoorde** genoem.

67

*Plaas nou die geskikte werkwoord by die volgende onderwerpe.
 Skrywe dan de sinne in die meervoud—*

Iedereen werk.

Die boer	ja.
Die predikant	druk.
Die onderwyser	vang vis.
Die skilder	leer.
Die metselaar	stook.
Die drywer	grawe.
Die meulenaar	verkoop.
Die soldaat	maal.
Die barbier	veg.
Die boekdrukker	skeer.
Die jagter	preek.
Die verkoper	metsel.

Die goudgrawer	verwe.
Die dokter	onderwys.
Die stoker	ploe.
Die kind	drywe.
Die visser	genees.

68

Plaas die geskikte werkwoord by die volgende onderwerpe.

Verskillende Geluide.

Die os	bult	sing.
Die perd	runnik	sis.
Die vark	skree	gons.
		kraai.
Die skaap	bler	blaf.
Die muis	piep	knor.
Die hond	blaf	brul.
		kekkel.
Die by	gons	bulk.
Die haan	krrei	hinnik
Die hen	kekkel	skree.
Die leeu	brul	bler.
Die slang	sis	piep.
Die kanarie	sing	

69

DIE OS

Lees dit—

Die os is 'n nuttige dier.
 Die os trek.
 Die os stoot.
 Sy horings is lank.
 Sy lyf is groot.
 Die os is 'n huisdier.

Die os trek onder die juk.
Die os bulk.
Sy stert is lank.
Sy neusgate is wyd.


Skrywe die sinne op, waarin van die onderwerpe gesê word:—

wat hulle is.
hoe hulle lyk.
wat hulle doen.

70

Kyk goed na die prentjie en vertel dan in kort sinnetjies, wat hier gebeur.

(Eers mondeling, daarna skriftelik.)



VERSIES OM TE MAAK

1. **Wat Jan van homself sê**
Al is ek klein,
Tog is ek rein,
Ek kwel my oor g'n vrae;
Ek leer met lus,
Ek slaap gerus,
So gaan dit alle dae.
2. **Wat Ma vir Jan sê**
Al is jy klein,
Tog.....
3. **Wat Tante van Jan sê**
Al is hy klein,
Tog.....
4. **Wat Tante van Anna sê**
Al is sy klein,
Tog.....
5. **Wat Ma vir Jan en Anna sê**
Al is jul klein,
Tog.....
6. **Wat Tante van Jan en Anna sê**
Al is hul klein,
Tog.....
7. **Wat Jan van homself en sy sussie sê**
Al is ons klein,
Tog.....

Onthou—

Die woordjies **ek, jy, sy, hy, jul** (julle), **hul** (hulle), **ons** word persoonlike voornaamwoorde genoem.

72

Mondeling—

Die boer ploe,	hy ploeg
Die meid was,	sy was.
Die spruit raas,	dit raas.
Die boere ploe,	hulle ploeg.
Die meide was,	hulle was.
Die spruite raas,	hulle raas.

Vrae—

- a. Waarom sê ek in plaas van


die boer,	hy?
die meid,	sy?
die spruit,	dit?
- b. Wat sê ek in plaas van

die boere?
die meide?
die spruite?

73

Diktee—

Dit is vyf uur. In die Ooste word dit al lig. Die hoenders, wat vroeg gaan slaap het, is al wakker. “Jakhals!” klink ’n basstem oor die werf van Oom Piet. “Baas?” antwoord ’n kaffer, wat in ’n struis, so ’n endjie van die huis, bly. “Roer jou!” sê die baas, “die son steek al sy kop uit. Gee die perde goed voer want ek wil net nou dorp toe ry.” “Ja baas!” antwoord die kaffer en gaap-gaap kom hy uit die struis.



74

'N SLIM VOËL

Lees dit—

Eendag het 'n voël 'n beker water sien staan.
Hy was dors en wou dus graag drink.
Maar die beker was nie tot bo vol nie.
Die voël kon dus die water nie bereik nie.
Daarom het hy toe klippies in die beker laat val.
Daardeur het die water al hoër en hoër gerys.
Eindelik kon die voël drink.

Vul nou aan—

Eendag ontdek 'n voël
Hy was
Die beker was egter nie heeltemaal
Die voël kon dus die water nie by
Daarom gooi hy
Daardeur st.... die water.
Eindelik geluk dit die voël

75

Vertel nou bietjie, wat jy van "'n Slim Voël" gelees het.

76

Skrywe hy, sy of hulle in plaas van die vetgedrukte woorde.

DIE FAMILIE

Die vader is die hoof van die huisgesin.

Die vader werk op die land.

Die moeder werk in die huis.

Die **moeder** kook die kos en hou die huis skoon.

Die oudste seun help sy pa ploeg.

Die oudste seun drywe die osse.

Die oudste dogter help haar ma.

Die oudste dogter veeg die vloere af.

Die ander seuns en dogters gaan nog skool.

Die ander seuns en dogters moet nog leer.

Die jongste bly nog by ma.

Die jongste kind is nog te klein om skool toe te gaan.

Die ouers sorg vir die kind.

Die ouers gee die kind kos en klere.

77

Mondeling—

Die hings skop —hy skop.

Die hingste skop —hulle skop

Die merrie loop —sy loop.

Die merries loop —hulle loop.

Die perd spring —hy spring.

Die perde spring —hulle spring.

Die bul stoot —hy stoot.

Die bulle stoot —hulle stoot.

Die koei bulk —sy bulk.

Die koeie bulk —hulle bulk.

Die bees vreet —hy vreet.

Die beeste vreet —hulle vreet.

Die haan kraai	—hy kraai.	
	Die hane kraai	—hulle kraai.
Die hen kekkel	—sy kekkel.	
	Die hene kekkel	—hulle kekkel.
Die hoender pik	—hy pik.	
	Die hoenders pik	—hulle pik.
Die ram stoot	—hy stoot.	
	Die ramme stoot	—hulle stoot.
Die ooi bler	—sy bler.	
	Die ooie bler	—hulle bler.
Die skaap loop	—hy loop.	
	Die skape loop	—hulle loop.

Vrae—

- a. Wat sê ek in plaas van die naam van
 die mannetjie?
 die wyfie?
 die dier?

- b. Wanneer gebruik ek “hulle”?

Onthou—

Persoonlike voornaamwoorde staan in plaas van die name van persone en diere.

78

DIERE: MANNETJIE EN WYFIE

Vul in met hy, sy, of hulle—

Die vader van 'n perd word hings genoem.

.... staan gewoonlik op stal en kry volop kos.

.... is dan ook spekvet.

Die moeder word merrie genoem.

Oordag loop in die veld, maar snags staan meesal op stal.

Die vul loop by haar is baie lewendig.

.... loop en spring die ganse dag.

Die bul loop dikwels tussen die koeie in die veld.

As kwaai is, word vasgemaak in die stal. Die koeie kom saans kraal toe.

Daar word gemelk.

'n Bees is 'n groot dier. doen baie vir ons.

Die ram, die ooi en die lam is altyd by mekaar.

.... slaap ook in dieselfde kraal.

Die ram het twee gedraaide horings op sy kop.

Daar stoot mee.

Die ooi het nie horings nie. kan haar nie verdedig nie.

'n Hoender is ook 'n huisdier.

.... bly op die werf.

Die haan is smôrens vroeg wakker.

Dan wek die mens met sy gekraai.

Die kuiken kom uit die eier. As nog maar 'n kwartier uit die dop is, kan al loop.

.... bly naby die hen sorg goed vir haar kuikens.

Al hierdie diere noem ons huisdiere.

.... bly in die nabyheid van die huis.

79

Mondeling—

Die boom groei	—dit groei.	
	Die bome groei	—hulle groei.
Die lap brand	—dit brand.	
	Die lappe brand	—hulle brand.
Die tafel staan	—dit staan.	
	De tafels staan	—hulle staan.
Die klok loop	—dit loop.	
	Die klokke loop	—hulle loop.
Die saak bloei	—dit bloei.	
	Die sake bloei	—hulle bloei.

Die onderwerp boei	—dit boei.		
	Die onderwerpe boei	—hulle boei.	
Die siekte sprei	—dit sprei.		
	Die siektes sprei	—hulle sprei.	
Die droogte druk	—dit druk.		
	Die droogtes druk	—hulle druk.	
<i>Vrae—</i>			

- a. Wat sê ek in plaas van die naam van
 die boom?
 die lap?
 die tafel?
 die klok?
 die saak?
 die onderwerp?
 die siekte?
 die droogte?

- b. Wanneer gebruik ek “hulle”?

Onthou—

Persoonlike voornaamwoorde staan in plaas van die name van persone, diere, plante, dinge en sake.

80

IN DIE KAMER

Vul in met dit of hulle—

Die klok wys die tyd aan.
 tik en slaan.
 Ons sit aan tafel.
 is in die middel van die kamer.
 Die stoele is van hout gemaak.
 is teen die muur.
 Die lamp hang bo die tafel.
 is met 'n haak of ketting vasgemaak.



In die slaapkamer het ons ook 'n lampie.
 brand snags.
 In die kamer is ook 'n kaggel.
 word alleen in die winter gebruik.
 Mooi skilderye versier die kamer.
 hang aan die muur.

81


DIE GULSIGE HOND

Lees dit—

Eendag het 'n hond 'n stuk vleis in sy bek gehad.
 Daarmee swem hy 'n rivier deur.
 Hy dink dat hy 'n ander hond in die water sien.
 Die het ook 'n stuk vleis in sy bek.
 Die stuk wou hy ook hê.
 Hy maak hom klaar om te baklei.
 Skielik maak hy sy bek oop en wou die ander hond byt.
 Maar daar val die vleis.
 Dit verdwyn in die diepte.
 Die gulsige hond was sy lekker stukkie vleis kwyt.

Vul in—

'n Seker hond dra
 Daarmee steek
 Toe lyk dit hom
 Die dra ook
 Hy gun hom
 Op die plek wou hy
 Maar toe laat
 Dit sink
 Die gulsige hond kon



82

Mondeling—

Ek sing.	Ons sing.
Jy sing.	Julle sing.
Hy sing.	} Hulle sing.
Sy sing.	
Dit sing.	

Ek sê.	Ons sê.
Jy sê.	Julle sê.
Hy sê.	} Hulle sê.
Sy *sê.	
Dit sê.	

Ek staan.	Ons staan.
Jy staan.	Julle staan.
Hy staan.	} Hulle staan.
Sy staan.	
Dit staan.	

Let op—

Die werkwoord behou dieselfde vorm vir al die persone.

Vrae—

Wat is die meervoud van:

Ek weier?
 Jy word?
 Hy gaan?
 Sy gaan?
 Dit gaan?

83

Mondeling—

Ek bied.	Ons bied.
Jy bied.	Julle bied.
Hy bied.	Hulle bied.
Sy bied.	
Dit bied.	

of ook—

Ek bie.	Ons bie.
Jy bie.	Julle bie.
Hy bie.	Hulle bie.
Sy bie.	
Dit bie.	

Ek buig.	Ons buig.
Jy buig.	Julle buig.
Hy buig.	Hulle buig.
Sy buig.	
Dit buig.	

of ook—

Ek buie.	Ons buie.
Jy buie.	Julle buie.
Hy buie.	Hulle buie.
Sy buie.	
Dit buie.	

Ek dryf.	Ons dryf.
Jy dryf.	Julle dryf.
Hy dryf.	Hulle dryf.
Sy dryf.	
Dit dryf.	

85

ONS GOEIE MA

Sit die werkwoorde in 'n ander vorm—

My broertjie Frits is nog baie klein.

Hy sal wel gou groter (word).

Hy (blyf) nog meeste van die tyd by Ma.

Sy (dra) hom op haar arms rond en (wieg) hom aan die slaap. Sy maak sy kleertjies en (geef) hom kos, sonder dat hy daarom (vra). Sy (sôre) mooi vir hom.

Hy praat nog maar krom en tog verstaan sy hom.

Hy kan nog nie loop nie, maar kruip en (skuiwe) oor die vloer.

Ek is vier jaar ouer as Frits.

Ek kan al bietjie vir myself (sorg).

Partykeer (terg) ek my boetie.

Ek kan al (spelle) en my les (op sê). As ek (bly) steek, help Ma my.

As ek siek is vertel sy my mooi stories. As ek flou word (lawe), sy my. Sy (draag) my bed toe en pas my op.

86

BRAKKIE

Lees dit—

“O dit is warm,” sê kleine Brak;

“Ek weet nie, maar ek voel so swak:

Ek moet gaan rus daar by die voor;

As ek geslaap het, is dit oor”.

Hy lê hom neer en slaap gesond;

Maar wat is dit? Wat brom daar rond?

Hy droom nou van 'n groot' reus

Wat hom kom steek, reg in sy neus.



Klein Brakkie knor: "Ek sal jou kry,
 As jy g'n rus wil gee vir my".
 Maar nou brom daar iets by sy oor
 Wat al sy soete rus verstoort.

Nou spring hy op: daar 's 'n muskiet,
 Wat gons en sing: "Jy dreig verniet,"
 Klein Brakkie hap en blaf en seg:
 "Ek moor jou" maar muskiet is weg.

—J. Lub.


Vul in—

Eendag, op 'n warmdag, sê Brakkie: "....
 Hy gaan by die en droom
 Maar al gou word sy rus
 Brakkie word boos en brom: "....
 Maar die muskiet
 Klein Brak spring op en
 Dit is alles, om dat

87

'N KAFFER

'n Kaffer werk in die winter nie baie nie.
 In April trek hy saam met sy baas Bosveld toe.
 Daar moet hy beeste oppas.
 Hy gaan ook partykeer saam op jag.
 Hy hou van die Bosveld.
 Hy het volop vleis en drink melk net soveel as hy wil.
 In Augustus maak hy weer klaar om met sy baas saam
 terug te gaan plaas toe.
 Hy gaan die rieme, stroppe en jukskeie goed na.
 Hy moet ook die wa smeer en laai.
 As die tyd van vertrek aangebreek het, span hy die wain.



Hy vat die sweep en 'n ander kaffer die tou.
 By 'n steil drif draai hy briek aan.
 Hy soek 'n mooi uitspanplek naby 'n spruit of 'n rivier.
 Na 'n reis van 8 of 10 dae, kom hy weer op die plaas aan.
 Hy laai al die goed af en bring dit in die huis.
 Is hy nie fluks nie?
 Die boer kan nie sonder hom klaar kom nie.

88

Opgawe. Laat die kaffer self vertel

Wat 'n kaffer self sê.
 Ek werk in die winter nie baie nie.
 In April

89

Wat ek vir Jonas sê

Jonas, jy werk in die winter nie baie nie.
 In April

89 a

Wat ek vir Jonas en Januarie sê

Jonas en Januarie, julle werk in die winter nie baie nie.
 In April trek julle

90

Oor Kaffers

Kaffers werk in die winter nie baie nie.
 In April.....

91

Jonas en Januarie is maats

Jonas, jong! ons werk in die winter darem nie baie nie.
 In April trek ons.....

92

Vul in met het, is of sal—

Môre my sussie tien jaar oud wees.
 Sy vandag nog nege jaar.
 Ek laas maand verjaar.
 Ek nou elf jaar en my broer Frits ses.
 Hy die jongste van die drie.
 Ek môre na die dieretuin gaan.
 Daar baie soorte diere.
 As julle dan ook kom, ... ons mekaar daar sien.
 Jan, ... jy dit ook aan Piet sê?
 jy al gehoor, dat Piet deur sy eksame ?
 Ek nou net in die krant gesien.
 Hy nommer twee op die lys.
 Hy goed deurgekom.

.... julle dit vir sy ouers gaan wys?
Hulle baie bly wees.
Hy laas jaar ook so goed gedoen en waarskynlik
volgende keer weer goed deurkom.
Hy knap.

93

TWEË VERSKILLENDE KARAKTERS

Vul in—

Daar was een keer 'n broer en 'n suster, wat ewe oud was,
maar baie van aard.

Die seun se naam was Willem en die s'n Anna.

Willem het maklik en gou geleer, maar Anna was
en

Om niks te doen nie was vir Willem 'n straf, maar vir Anna
'n

Net so graag as wat Willem gespaar het, het Anna

Willem het al sy goed netjies en skoon gehou, maar Anna
se goed was en

Willem het vir elke ding sy plek gehad, maar Anna het
haar goed laat

In die skool was Willem een van die beste leerlinge; Anna
een van

Willem staan eerste; Anna

Willem werd baie keer geprys, terwyl met Anna dikwels
moes word.



94

Vertel in jou eie woorde, wat hier gebeur.

(Eers mondeling, daarna skriftelik.)



RESITASIES

1

DIE KRIEK EN DIE MIER

'n Kriekie het die somer lang
Gesing, maar werk g'n slâg;
Maar al die ander diere woel
Die hele liewe dag.

'n By sê: "Vrind, jy moet ook help,
Daar kom 'n swaar' tyd".
Maar kriekie lag en sing, ofskoon
Die ander werk met vlyt.

Sy buurman mier sê: "Kyk, ou vrind
Dink dat die somer gaan,
En as dit oor is, sal jy huil
Dat jy niks het gedaan".

Maar kriekie het brood genoeg en sê:
"Wat praat jy tog met my?
Ek hou van sing en jul van werk;
Nou is ons almal bly."

Maar kyk, die somer gaan verby,
Die koue winde blaas,
En al die diere het gaan slaap;
Die kriek kyk rond verbaas.

Hy vra: "Waar's al die ander nou?
Ek sal moet soek vir brood;
Die spul het mos so hard gewerk,
Hul help my uit die nood."

Nou klop hy by die miertjie aan
En sê: "My liewe vrind,
Ek is so koud, ek soek na kos,
En kan dit nêrens vind".

Die mier sit stil, en antwoord net:
"Jy 't mos gesing, vrind kriek,
In hierdie somer; loop nou heen,
En maak nou maar musiek".

—*J. Lub.*

2

TANT KATIE SE DOGTERTJIE

Tant Katie het 'n dogtertjie,
'n Blonde krullekop;
Die kindjie is so lief en soet,
Lyk nes 'n fraai' pop.

Sy het twee blou' ogies en
'n Mondjie, o, so mooi;
Haar ronde, vet' wangetjies
Is as 'n roos, so rooi.

Haar neusie kon wat langer wees,
Dit is 'n bietjie plat;
Sy het twee klein' handjies, waar
Sy alles mee kan vat.

Sy kan al regte lekker praat,
Is slim en so gesond;
Sy het twee klein' voetjies, en
Daar loop sy al mee rond.

As pappa van sy werk af kom,
Dan is die noointjie bly;
Dan word sy dadelik opgetel
Om op sy knie te ry.

Dan sê sy: "Pappa sing dan weer
Van Miemie en haar lam!"
Dan wil sy na die ganse kyk—
By Ouma op die dam.

Dan kraai sy nes die haantjie kraai,
Dan mau sy nes die kat,
Dan maak sy, boe, boe, nes die os;
Van alles weet sy wat.

So gaan dit van die oggend af
Tot aan die awend laat;
Die hele dag so onvermoeid,
Tot dat sy slape gaat.

—F. W. Retiz: *Twee en Sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte.*

3

DIE WINDJIE

Windjie, windjie, waarheen jakker
Jy so haastig nou al weer?
Al die stowwe skud jy wakker,
Blare, blomme heen en weer.

Oor die grassaad ruis jou voetjies,
As jy huppel oor die wei:
Golfies bokspring, as jy soetjies
Oor die koel' water gly.

Soos 'n katjie speels 'n muisie
In sy kloutjies rond laat vlieg,
Skommel jy jou blare-huisie,
Tot die takkies almal wieg.

Orals vroetel jy en snuffel
Elke graspol deur en deur,
En terwyl jy hul kernuffel,
Jomp jy nog die blompies' geur.

Windjie, jy 's net soos-die vlinder,
Wat op elke blompie rus;
En van d' een by d' ander skinder,
Skoon hy almal vriendlik kus.

Windjie, 'k hoor so graag jou liedjies
By my raam en dak se rant,
In die boomtop, tussen rietjies
Ruisend langs die waterkant.

O, so graag staan ek en luister
In 'n hoë mielie'land,
Hoe die ranke blare fluister
Almal in dieselfde trant.

Waaï maar, windjie, hardloop, huppel
Oor die koppies, veld en rand—
Drink nit vleie en kom druppel
Mild die reën op dorstend' land.

—*Theo. Wassenaar.*

4

WINTER

Sonnetjie skyn!

Sonnetjie skyn!

O, skyn by my venster in.

Koud is die wind, wat daar buite waai;

Donker die wolk, wat daar bowe draai;

Sonnetjie, kom tog in.

Sonnetjie klein!

Sonnetjie rein!

Steek tog jou koppie uit;

Jaag tog die wolke daar bo uiteen;

Soen tog my oë, wat ween en ween,

Reg deur my vensterruit.

Sonnetjie fyn!

Sonnetjie myn!

Kom tog, ek soebat jou.

Weg met die wind, wat daar buite waai;

Weg met die wolk, wat daar bowe swaai;

Sonnetjie, kom tog gou.

—A. D. Keet.

5

KLAAS VAKIE

Ek sal nou maar so saggies aan

Na bed toe gaan—

My ogies is al baie vaak,

Ek dwing al om hul toe te maak—

Ek sal maar bed toe gaan.

Ek sal nou maar my moeder kus,
 En dan gaan rus—
 My ogies is al baie moe,
 Hul val van self al sommer toe—
 Ek sal maar nou gaan rus.

Ek sal nou maar my ogies sluit;
 Die lig is uit,
 En haar gesig die sien ek tog,
 Aan haar dink ek gedurig nog—
 Al is my liggie uit.

—A. D. Keet.

6

DIE SOMER KOM

Die somer kom, die somer kom!
 Wees welkom, Oktober maand!
 Die son is warm, die weervoël fluit,
 En reën beloof die aand.

En snags as d' onweer vèr-weg rol,
 Dan val die reën so sag,
 En ek ontwaak en voel so bly,
 Die sinkdak sing en lag.

Die môreson strooi diamant
 Wyd oor die geurende veld,
 Waar duisend-duisend sonnetjies
 Al stralende versmelt.

Die swaweltjie die swier alweer
 En gly daar oor die dam;
 Hy raps die water hier en daar
 En maak sy kleitjies klam.

Die boer is op die land aan 't werk.
 Ek sien die ploegskaar blink
 So telkens, as daar by die draai
 Die osse links-om swink.

Die grassies op die veld word groen;
 Ek sien daar skape wei;
 Hul vier hul eerste somerfees
 Daaronder langs die vlei.

Die windjie dwarrel op die veld
 En speel met sonneglans,
 En gaan al oor die groene vloer
 Met blommegeure dans.

Die somer kom, die somer kom!
 Ek is met voëltjies bly,
 Wat help om knoppies oop te maak
 En lewe uit te lei.

—Theo. Wassenaar.

7

DIE ROOSKNOPPIE

Daar onder in my tuintjie
 Daar staan 'n boompie teer,
 Daaraan sit net één knoppie
 Één roseknop, nie meer.

Elk awend en elk môre
 Gaan ek die knoppie kyk,
 Die hoop straal uit sy ogies
 Hy sal as rosie pryk.

Die stormwind is gekome,
Die takkie afgeskeur,
Die blaartjies is verlep al,
Die knoppie geel gekleur.

Ek sien so menig knoppie
In die wêreldgaarde groei,
Die hoop straal uit die ogies,
Maar ag! geen rosie bloei.

—D. F. Malherbe.

8

DIE LIEWE POPPESPEL

O! die liewe poppespel,
Die verraaï my al te wel
Wat haar in die hartjie leef!
Self nog maar 'n klein' ding
Sus sy al haar lieweling,
Waar die hartjie vas aan kleef!

Moeder winkeltoe moes loop
Om 'n poppie te gaan koop—
Want ma *koop* haar bybies mos!
Lessie werd vooraf gelees
Hoe dat poppetjie moet wees
En wat poppetjie moet kos.

Rokketjie is gou-gou klaar
Enetjie nog om te spaar,
Want dis aantrek urelang.
Na die drukte kleine sus
In haar arrems gaan te rus
Onder egte slaapgesang!

Rokkies word gewas, geblyk,
Natgespat en glad gestryk,
In die son weer uitgehang.

Spesiale popperak
 Word die goedjies ingepak,
 Dis 'n werskaf van belang!

Kindjie is dan ook al stout,
 Kry 'n klappie op die bout,
 Maar is danig gou weer soet!
 Moedertjie, so diep vererg,
 Oor die poppie se geterg,
 Is ook dadelik weer goed.

Ag, die liewe poppespel
 Die verraaï my al te wel
 Wat haar eenmaal wese sal.
 Hartewens is allermees
 Moedertjie eenmaal te wees,
 Moedertjie, dit is sy ál!

—*Totius.*

9

DIE HAANTJIE

Haantjie klap sy vlerkies toe,
 En sê: koe-ke-doe-del-doe!
 Dit is tyd om op te staan!
 Kinders, jul moet skool toe gaan.

Haantjie, waarom tog so vroeg?
 Ag, ek is tog so moeg!
 Haantjie, stil tog asseblief!
 Ek het tog my slaap so lief.

Kinders, nee, dit is al laat;
 Al die mense loop op straat;
 Eenmaal roep ek jul nog toe!
 Koe-ke-doe-del-doe-del-doe!

—*W. Boshoff.*

10

KLEURE

Die bloed is rooi,
Die blad is groen;
Blou is die hémel,
Geel die lemoen.

Swart is die kole,
Kapok is wit,
Bruin is die banke
Waar ons op sit.

Grys is die muisie,
Ons kalfie wit
Met swart' kolle:
Hoe noem mens dit?

--*J. Lub.*

DIE LEWENDE TAAL

Nº IV

VIR STANDAARD V

J. L. MOERDIJK
EN
D. J. VAN ROOY, B.A.

BLACKIE EN SOON BPK.

5k16
439.368

MOE.

DIE LEWENDE TAAL

No. IV
(Vir Standaard V)

DEUR
J. L. MOERDIJK
Inspekteur van Skole

EN
D. J. VAN ROOY, B.A.
Onderwyser, Gimnasium Hoër Skool, Potchefstroom

BLACKIE EN SOON BEPERK
LONDEN EN GLASGOW

BLACKIE & SON LIMITED

50 Old Bailey, London

17 Stanhope Street, Glasgow

BLACKIE & SON (INDIA) LIMITED

Warwick House, Fort Street, Bombay

BLACKIE & SON (CANADA) LIMITED

1118 Bay Street, Toronto

Die Lewende Taal

No. I. Vir Standaard I en II

No. II. Vir Standaard III

No. III. Vir Standaard IV

No. IV. Vir Standaard V

WENKE VIR DIE ONDERWYSER(ES)

1. Die leerstof sluit aan by "Die Lewende Taal" vir Standaard IV.
2. Die leerstof bestaan uit:

A. STELOEFENINGE

B. TAALOEFENINGE

Die doel van beide is om die leerlinge daar geleidelik toe te bring om in behoorlike vorm **selfstandig** hul gedagtes te leer uitdruk.

3. **Steloefeninge.** Ter bereiking van hierdie doel het ons 'n aantal gediggies en prosastukkies opgegee, waarvan die inhoud deur die beantwoorde van vrae of deur die antwoorde van sinne weergegee moet word.

Hiertoe moet ook dien die oefeninge in:

- (a) Sinverwante woorde en uitdrukkinge soek.
- (b) Teëstellinge vind.
- (c) Vergelykinge uitwerk.
- (d) Briefies skrywe.
- (e) Sinne omsit.

4. **Taal oefeninge.** Agtereenvolgens word in verskillende taal oefeninge behandel:

- (a) Die verskillende rededele (lidwoorde, voornaamwoorde, telwoorde ens).
- (b) Die enkelvoudige sin met sy verskillende bepalinge (tyd, oorsaak, doel, gevolg, ens).
- (c) Die saamgestelde sin—neweskikkend en onderskikkend sinsverband—met die verbindingswoorde.
- (d) Diktee.

Steeds moet die reël uit die gegewe voorbeelde opgespoor en in die daaropvolgende oefeninge toegepas word.

5. Die jongste uitgawe van die Afrikaanse Spelreëls en Woordelys van die Suidafrikaanse Akademie is gevolg.

Vir welwillende op-en aanmerkinge hou ons ons aanbeveel.

DIE LEWENDE TAAL

STANDAARD V

1

(Vir mondelinge behandeling.)

Wat is die verskil tussen—

Daar kom **die** ossewa aan.

Daar kom **die** ossewaens aan.

Die vark van die kaffer loop
in die tuin.

Die varke van die kaffer loop
in die tuin.

Die boom voor ons huis is
omgewaai.

Die bome voor ons huis is
omgewaai.

Pa het die slang doodgemaak.

Pa het die slange doodgemaak.

Vir die sieke word die dokter
gehaal. ✓

Vir die sieke word die dokters
gehaal

Daar kom 'n ossewa aan.

Daar kom ossewaens aan.

'n Vark van die kaffer loop in
die tuin.

Varke van die kaffer loop in
die tuin.

'n Boom voor ons huis is
omgewaai.

Bome voor ons huis is omge-
waai.

Pa het 'n slang doodgemaak.

Pa het slange doodgemaak.

Vir die sieke word 'n dokter
gehaal.

Vir die sieke word dokters
gehaal.

Skrywe nou die volgende stukkies netjies oor en trek een strepie onder die woordjies wat 'n **bepaalde** of **bekende** selfstandigheid aandui en twee strepies onder elke woord, wat 'n **onbepaalde** selfstandigheid aanwys.

'N MOOI BEETBOOM

Vanmelewe plant ek op 'n keer 'n beet met saaityd. Ek het genoeg water gehad; en by die begin van die jaar, toe die toppe begin ryp word, was die boom so groot dat ek besluit om padkos te vat en dit te beklim. Ek vat toe 'n sak semels saam vir padkos. Toe ek bo kom, het die winter al begin. Kyk, ek was vir jou reg-reg hoog! Ek kon aan die sterre raak met my hand. Ek was net bang ek sou brand.

Dit het nou skerp begin ryp, en die boom begin doodryp en droog word. Ek kon die ryp nie meer uithou nie en begin plan maak om af te kom, maar die takke was nou so sleg dat ek nie daaraan kon vashou nie. Na ek 'n paar planne bedink het, besluit ek om 'n tou te draai van die semels.

Wel, ek het gedraai en naderhand begin afsak. Voor ek onder was, breek die tou—ek skrywe dit toe aan my haastigheid—en ek val vyftig voet diep in die aarde in. Nou ja, wat nou gemaak? Maar Reynier het altyd 'n plan: ek spring weg huistoe en gaan haal 'n graaf en grawe my uit.

—Reynier de Winnaar in "Die Huisgenoot".

2

- a. Lees die volgende verhaal twee keer oor.
- b. Maak jou boek toe en vertel die storie.
- c. Skrywe die verhaal uit jou hoof op.

DIE HONGERIGE ARABIER

'n Arabier verdwaal in die woestyn. Twee dae agtereen kry hy niks te eet nie. Eindelik kom hy by een van die waterkuile, waaruit die reisigers hul kamele laat drink. Daar sien hy op die sand 'n klein leer sakkie lê. "Goddank!" roep hy uit, terwyl hy die sak optel en betas, "ek dink dis dadels of neute. Hoe sal hulle my nie verkwik en versterk nie!" In die soete hoop maak hy die sak ope, sien wat daarin is, en roep met trane in die oë uit: "Ag, dis somaar pêrels!"

3

Vul die vereiste lidwoord in—

-- ONTMOETING MET -- LEEU

Dit was omtrent in -- jaar 1854 in -- distrik Winburg, na aan -- Vetrivier, -- dag was mooi en stil; en oom Jannie en oom Dolf van Coller—twee broers—gaan -- bietjie jag, om van -- vet wild aan -- Vetrivier te skiet. -- wild was aan -- Vetrivier baie vet—vandaar -- naam.

In -- veld gekom, ontmoet hulle -- leeuwyfie en kwes haar. Sy storm, en -- twee broers klim in -- boom: Oom Dolf, -- jonger broer klim so hoog as hy kan, maar oom Jannie bly net op—eerste tak sit. Oom Dolf waarsku hom dat -- leeu hom sal vang met haar naels; maar oom Jannie was gerus en sê net: "Wat wou—vrot ding so hoog kan spring!" Net -- eerste spring wat -- leeu gee, vang sy egter vir oom Jannie met -- naels in -- been; en sy het hom gou op -- grond. ✕

Nou volg -- stryd op lewe en dood. Oom Jannie gee -- leeu sy arm en skree: "Dolf, wil jy dan bly sit en -- vrot ding vir my laat opvreet?" Maar oom Dolf was alreeds aan -- afkom. Toe hy onder is, waarsku oom Jannie: "Skiet

mooi, moenie vir my raak skiet nie.” Hy skiet, en sy broer is gered; maar oom Jannie het met -- krom arm in sy graf gegaan.

Hier in -- Vrystaat woon vandag nog van -- kinders van oom Jannie en oom Dolf.

J. S., Jr., in “Die Huisgenoot”.

4

Sê die teëgestelde van die vetgedrukte woorde—

'n Mooi insek.	'n Streng meester.
'n Nou sloot.	'n Lewende vis.
'n Vet vark.	'n Leë beurs.
'n Kort verhaal.	'n Soet kind.
'n Ope deur.	'n Soet appel.
'n Skraal oes.	'n Vol aar.
'n Droë somer.	'n Skerp mes.
'n Blank vel.	'n Ligte vraag.
'n Jong eikeboom.	'n Spaarsame vrou.
'n Bleek gelaat.	'n Ou boek.
'n Skurwe vel.	'n Reguit lyn.
'n Blye tyding.	'n Onnosel seun.

5

Lees dit sorgvuldig oor—

Waarop jy moet let, as jy 'n briefie skrywe.

1. Die plek se naam en die datum moenie te hoog staan nie. Sorg dat daar aan die bokant 'n wit rant oorbly.
2. Die aanspreking moet baie laer staan en veral nie te dig by die linkerkant nie.
3. Die eerste reël van jou briefie moet bietjie na binne staan.
4. Die volgende reëls moet ook bietjie van die linkerkant afstaan, maar deurloop tot aan die regterkant.

5. Moenie tot onderaan die blad skrywe nie. Ook hier moet 'n wit rantjie oorbly.

6. Op die volgende bladsy moet jy ook weer 'n paar vinger van die bokant begin.

7. Die ondertekening kom meer na die regterkant en nie in die middel van die papier nie.

8. Skrywe netjies. Druk jou gedagtes in kort sinne uit. Let op die leestekens.

9. Vou jou briefie so op, dat dit goed in die koevert pas.

10. Skrywe die adres duidelik en netjies.

Begin veral nie te ver bo nie.

11. As jou vriend of vriendin op 'n plaas woon, skrywe dan:—

a. Die tittel en die naam.

b. Die naam van die plaas.

c. Die naam van die poskantoor.

d. Die naam van die wyk.

e. Die naam van die distrik.

As jou briefie na 'n dorp moet gaan, skrywe dan:—

a. Die tittel en die naam.

b. Die nommer en die naam van die straat.

c. Die naam van die stadswyk (Arcadia, Sunnyside).

d. Die naam van die dorp.

Miskien het die vader van jou vriend of vriendin 'n posbus. In die geval kan jy *b* en *e* weglaat en die nommer van die posbus vermeld.

12. Plak die posseël in die regterhoek boaan.

6

Lees hierdie briefe drie of vier keer oor, voordat jy dit beantwoord.

VILLIERIA, 27 Desember 1910.

BESTE LEENDERT,

Jong, ek het goeie nuus vir jou. Nadat jy vir so'n vyf of ses dae weg was, het ons rapporte van die skool gekom. Pa was net hoog in sy skik daarmee. "Die seuns het hierdie jaar hulle bes gedoen," sê hy vir Ma.

Maar die mooiste kom nog. Pa sê dat hy darem dink dat dit te ver is om elke dag op die fiets heen en weer te ry na die Pretoria Kollege. Nou het Pa gister mark toe gegaan en twee mooi jong esels gekoop, een vir jou en een vir my. Ons het ook vir hulle 'n plekkie in die stal gekry en daar staan hulle nou. Ek het my hande net vol met voer sny, roskam en borsel. Het jy nog lus om langer by Oom en Tante te kuier? Baie groete van Pa en Ma. Groete ook aan Oom en Tante.

Jou liefhebbende broer,

JAN.

Skrywe nou 'n brief van Leendert aan sy broer Jan van die volgende inhoud—

Leendert sê, dat hy nog nooit so bly was as toe hy Jan se brief ontvang het nie. Hy het al so baie keer verlang om 'n esel te hê. Hy vra vir Jan om vir Pa hartelik te bedank en belowe, dat hy sy esel goed sal oppas.

Hy is bly dat Pa met hom tevrede is en sal ook volgende jaar sy bes doen. Hy kuier lekker by Oom en Tante, maar begin nou sterk huistoe verlang en kom oor 'n paar dae terug. Hy vra vir Jan om intussen sy donkie goed op te pas.

7

Die volgende ontledings het ons al in Standaard IV gehad. Probeer hulle nog 'n keer—

Volgende jaar vertrek my ouers na Ladysmith.
 My ouers is my beste vriende.
 Op my verjaarsdag het my oom my 'n ponie gegee.
 Frits word timmerman.
 Die kaffer het sy baas ses jaar trou gedien.
 Vasco da Gama het in 1498 die seeweg na Indië gevind.
 Die kind lyk siek.
 Om die veertien dae gaan die leerlinge huistoe.
 Die boer gee die os 'n hou oor sy kop.
 Jan bly 'n stout seun.
 Daardie kind loop gebrekkig.

Voorbeeld—

Die volgende jaar	...	...	Bepaling van tyd.
vertrek ...	...	...	Gesegde.
my ouers	...	...	Onderwerp.
na Ladysmith	...	...	Bepaling van plek.

8

Skrywe na aanleiding van die volgende punte 'n kort opstel oor—

DIE SWAWELTJIE

Begin.—Sommige voëls die hele jaar by ons (mossie), andere alleen gedurende die warm somerdae (swaweltjie).

Vorm en Kleur.—Ronde kop; helder oë; kort, dun bek. Lang, puntige vlerke (vir baie vinnig vlieg). Kort, dun pootjies (kannie goed loop nie). Vorm van stert. Kleur; rug en bors.

Eienskappe.—Vlieg baie vinnig; maak mooi draaie. Vrede liewend: nooit sien mens die swaweltjie twis nie. Werksaam: van die môre tot die aand aan die werk vir die gesin. Bou nessies; klompies klei, onder dakgeute, in skuur of stal, selfs in 'n skoolkamer. Vier tot ses eiertjies.

Nut.—Verdelg baie skadelike insekte. Vang hulle in die vlug. Doen geen kwaad nie. Sing nie baie keer nie: te besig.

Slot.—Lieweling van mense. Kinders moet swaweltjies nooit pla of hinder nie.

9

Diktee—

aa, a; uu, u; ou

Ure, dae, maande, jare, vlieg soos skaduwees heen. As die weer ru is, is die lewe op see vol gevare. Ja daardie kat gou weg; hy miou te veel. Kaatjie lê die geld in die laaitjie van die tafel. Wag nog 'n minuutjie, dan gaan ek met jou saam. My vriend Lou was in die rou oor sy tante. Die saadjies van party plante is baie fyn. Party mense hou van rou vleis. Jan het sy vriend blou-oog geslaan. Hy is nou vol berou daaroor. Makkoue lyk baie op eende. In die Transvaal word baie goud gevind. Sonder sout smaak die kos flou. In die somers is die gras smôrens dikwels nat van die dou. Roofdiere en roofvoëls het skerp kloue.

10

Stel na aanleiding van hierdie sinne 'n briefie op—

PLEK EN DATUM.

ANNA AAN MARIA,

Môre vier Anna haar verjaarsdag. Sy het 'n paar vriendinnetjies genooi om die dag by haar te kom deurbring.

Sy vra ook vir Maria om vir haar te kom besoek. Haar Ma wil in die namiddag die kinders bietjie trakteer. Sy het reeds vir allerhande lekkers gesorg en tameletjie en wafels gebak. Die kinders sal ook in die tuin speel. Maria moet ook haar sussie Sannie saambring. Anna reken daarop dat hulle om drie uur daar sal wees.

Slot.

NAAM.

11

Vul in met die lidwoorde die of 'n—

Waar is hy?

Sannie.—(Tot 'n heer wat sy nie ken nie.) Het u nie vir ons Andries gesien nie, meneer? Hy is om half twee uit -- skool gegaan en is nog nie tuis nie. *

Vreemde heer.—Ek ken julle Andries nie, dogter! Hoe lyk -- seun? Het hy -- keps of -- hoed opgehad!

Sannie.—Hy het -- bruin en -- grys hoed, meneer. Ek dink dat hy vandag met -- bruine skooltoe gegaan het.

Vreemde heer.—Ek het -- rukkie gelede wel -- seun met -- bruin hoed gesien, maar of -- seun se naam Andries was, kon ek nie aan sy gesig sien nie. .

Miena.—Sannie! Ons het Andries al gekry! Hy was in -- somerhuisie. Daar het hy in -- boekie gesit en lees. Hy het gelees in -- boekie, wat oom hom gister gegee het.

Sannie.—Gelukkig! Dankie, meneer, vir u vriendelikheid.

12

Maak sinne, waarin die volgende woorde as Direkte Voorwerp voorkom—

'n Nes, — die mielies, — ons speelplek, — die aardrykskundes, — die trem, — die klipspringer, — die skotskar, — 'n krokodil, — die fondament, — julle.

Lees dit—

13

VIER GEKROONDE HOOFDE

Drie vorste en een koningin
 Sien ons onder ons verkeer;
 Elk mag drie maande van die twaalf
 Hier beurtelings regeer.

Die koningin mag die eerste wees;
 Ons sien haar gaarne kom,
 Sy dra 'n kleed van groen ferweel.
 En lyk net pure blom.

Die eerste vors is aller vriend,
 Sy rykdom moet mens loof;
 Hy gee die aarde warmte en gloed
 Waardeur die vrugte stoof.

Die tweede vors is gul van aard;
 Hy laat ons heerlik smul
 En sorg ook, dat die boer met graan
 Sy pakkamers kan vul.

Die laaste is 'n strenge heer,
 Hy is in wit gedos,
 En og, hy doen soms soveel kwaad,
 Roof mens en dier se kos.

N.B.—By die mondelinge behandeling moet die onderwyser(es) deur gepaste vrae die verskil tussen hooftelwoorde en rangtelwoorde duidelik laat uitkom.

Skrywe die telwoorde in oef. 13 in twee rye—hooftelwoorde en rangtelalle.

14

Skrywe die hooftekwoorde van 1 tot 30 en daarnaas hulle ranggetalle, so—een, eerste.

15

Lees dit sorgvuldig oor—

VAN DIE MUISIE, WAT MOS GEWEET HET

'n Muis kom uit sy skuilhoekie en sien 'n slagyster. “Kyk hier,” sê hy, “daar staan regtig weer so'n slagyster met 'n stukkie biltong daarin. Met 'n ou stukkie biltong wil die skelm mense ons vang. Gelukkig dat ons muisies beter weet. As ons aan die lekker biltong begin knabbel, dan slaan die nare yster toe en knyp ons vas. Nee, so maklik laat ek my nie kul nie.”

“Maar,” redeneer die muisie, ek moet tog net so effe aan die biltong ruik. Die slagyster sal tog nie van ruik toeslaan nie. En dis so lekker om aan 'n stukkie biltong te ruik!” Voetjie voor voetjie nader die muis die slagyster. Hy versit nog 'n keer sy een voorpootjie, snuiwe so'n bietjie en raak met sy neus die biltong net so saggies aan. Klap, die slagyster slaan toe en daar sit die muisie.

Skrywe nou self 'n storie oor—

DIE VISSIE, WAT MOS GEWEET HET

'n Vissie sien 'n wurm ('n stukkie vleis, 'n sprinkaan) aan 'n hoek. Hy weet dat in die lokaas 'n skerp hakie sit, maar kan tog nie nalaat om daaraan te knabbel nie. Nog 'n keer en nog 'n keer, totdat hy net soos die muisie gevang word.

16

Maak sinne, waarin die volgende woorde as Indirekte Voorwerp voorkom—

Die leerling, — die blomme, — gebou, — ons, — die Apiesrivier, — die Suidpunt van Afrika, — die os, — die ribbok, — die meisie, — die bobiaan, — die boer, — die veroordeelde.

17

Lees dit—

Oom Willem en tant Rieka hou baie van diere. Oom het nie minder as ses en dertig osse, veertig koeie, 'n paar dosyn kalwers en vyftien honderd skape. Tante boer met pluimvee. Laaste somer het sy sestig lê-hoenders, veertig eende, baie ganse en makoue gehad en ook 'n paar kalkoene.

Al die diere moet natuurlik versorg word. Iedereen by oom aan huis help daaraan mee en --- “baie hande maak ligte werk,” sê die spreekwoord.

Tante se groentetuin sien daar ook goed uit. Dis'n lap grond honderd voet lank en tagtig voet breed. Sy het dit in verskeie beddinkies verdeel. Op die eerste staan kool, op die tweede staan wortels, dan is daar vier beddinkies met boontjies, terwyl meer as die helfte van die stuk grond met ertappels beplant is. Oom is een van die eerste boere in die distrik en baie kan 'n voorbeeld neem aan hierdie werksame mense, wat, alhoewel hulle al oor die vyftig is, byna elke môre by die eerste hanegekraai hulle dagtaak begin.

Skrywe, na bespreking, die telwoorde in drie rye—

Hooftelwoorde, Rangtelwoorde, Onbepaalde Telwoorde.

Diktee—

18

ee, e

Die aannemers meet die bougrond. 'n Jaar het twee en vyftig weke. Elke Saterdag word die messe geslyp. In die somer is dit heerlik aan die seekant. In die verte sien ons groot seeskepe verby gaan. Ek sou graag 'n keer wil saamgaan na ver lande. As die weer nie onstuimig is nie, is 'n seereisie aangenaam. Ons dominee is al vir die tweede maal na Europa. Hy sal verskillende Europese lande besoek. Tee en koffie is algemeen bekende drankes. In 'n steen teepot kan mens lekker tee maak. 'n Ribbok lewe in die berge. Ons lewe nie om te eet nie. Menige veeboer is arm geword deur die runderpes.

19

Skrywe af en vervang die vetgedrukte woorde deur sienonieme—

WIE SAL VIR DIE KAT DIE BEL AANBIND

Daar was eens groot nood onder die muise, want die kat was waaksaam en onvermoeid. Dit het gelyk, asof hulle uitgedelg sou word. Toe kom al die muise uit die buurt bymekaar en beraadslaag. "Wat moet ons begin?" vra die oudste.

"Ons plek word by die dag kleiner. Spoedig sal ons heeltemal van die aarde verdwyn. Wat kan ons tog teen die verdelger doen?" "O, ek weet 'n plan," piep 'n jong muisie, "Ons bind 'n klokkie om die kat se nek; dan mag hy gerus kom.

"Ons het almal fyn ore, en voordat die kat ons sien, kruip ons gou weg en lag hom uit." "Ja, ja!" roep al die muise, gaan op die agterpootjies sit en is weer so moedig as wat. "Nou goed," sê toe die oudste muis vir die kleintjie. "Jy

het ons 'n **gawe** raad **gegee** en **dus** mag jy nou ook self vir die kat die bel **aanbind**."

"Ek?" piep die muisie, "dit **waag** ek nie." Dus loop die kat nog **altyd** sonder klok rond, en vang muisie, soveel hy **wil**.

Maak sinne met—

20

Dertig dae; — die tiende maand; — die 9de April, 1652; — die eerste minister; die 6de Februarie, 1838; — 'n tweede predikant; die 31ste Mei, 1910; — die laaste dag van die jaar.

21

Gebruik die volgende bepalinge van plek in goeie sinne—

Op die koppie, — tussen die koring, — onder die water, — bo die berge, — langs die pad, — by die skool, — naas ons huis, — aan die hemel, — in die hemel, — onder die arm, — naas my vriend, — buite die poort, — oor die nek, — in die seekoeigat.

22

Hier is weer 'n paar punte vir 'n kort opstel—

DIE MOSSIE

Begin.—Bly die hele jaar by ons, — is orals te vind.

Vorm en Kleur.—Ronde kop, — brutale oë, — kort, stewige bek, — klein, maar sterk vlerke, — sterk pootjies, — grys kleur, — verskil in kleur tussen mannetjie en wyfie.

Eienskappe.—Hou van geselskap, — twis graag, — baie brutaal (voorbeelde hiervan), — 'n dief, — nes eenvoudig, — gebruik partykeer die nes van ander voëls, — vyf grys gevlekte eiertjies, — broei driemaal in een somer.

Nut en Skade.—Verslind baie skadelike insekte, maar doen

ook baie kwaad in tuin en lande, — word hewig vervolg deur mense.

Slot.—Mag hom wel wegja, maar nie onnodig pla nie; dink daaraan dat hy tog ook goed doen.

23

Diktee—

e, ê, è

Ben en Let is tweeling, nè?
 Sê vir Jan dat oom hom roep.
 Die hen het twee eiers gelê.
 Hoeveel henne wil die man hê?
 Die boer ploeg en ê die lande en plant ertappels.
 Die aantal mense in die wêreld is byna ontelbaar.
 Ma vra haar skêr en pennemessie.
 Daardie kêrel sê dat hy net so sterk as jou oudste broer is.
 Pêrels vind mens in skulpe.

24

(Vir mondelinge behandeling.)

Ek was my.	Ons was ons.
Jy was jou.	Julle was julle.
Hy was hom. }	Hulle was hulle.
Sy was haar. }	

Lees dit—

KLAG, VAN 'N HAAS

Ek, arme haas! Wat sal ek tog aanvang? Orals dreig my die dood. Jagters en honde vervolg my. Jakkalse soek my op. Aasvoëls en lammervangers vang my. Nêrens vind ek beskerming nie. Ek kan my selfs nie verdedig nie. Ook het ek nie die moed om dit te probeer nie. Alleen met hard-

loop kan ek my red. Met hardloop stof ek hulle uit. Maar wat baat dit my? Die lopers uit die roer van die jagter bereik my tog. En as ek tog maar 'n fatsoenlike begraafnis gekry het! Maar nee, ek moet my lewe in die kombuis eindig. Ek word in 'n pan gebraai en opgeëet.

Skrywe bostaande stukkie in die eerste persoon, meervoud, so—

Ons, arme hase! Wat sal ons tog aanvang?

25

Skrywe die volgende woorde in goeie volgorde. Begin met die kleinste of mins belangrike—

Rivier,	spruit,	stroom,	voor.	
Pan,	oseaan,	dam,	meer,	see.
Orkaan,	luggie,	storm,	wind.	
Koppie,	bult,	berg.		
Stad,	plaas,	dorp.		
Blanke,	Boesman,	Kaffer,	Hottentot.	
Paleis,	struis,	kasteel,	huis.	
Wyk,	plaas,	distrik.		
Koper,	yster,	goud,	silwer.	
Pretoria,	Johannesburg,	Potchefstroom,	Nylstroom.	

So—

Spruit, rivier, stroom.

26

Gebruik die volgende bepalinge van tyd in goeie sinne—

Om half nege, — oor drie weke, — in drie maande, — teen die middag, — in Desember, — omstreeks vyf uur, — met Nagmaal, — teen nuwejaar, — binne ses uur, — na die vakansie, — onttrent vier uur, — ag dae gelede, — tot môre, — binne 'n maand.

Diktee—

27

oo, o, ô

Môre moet ons weer skooltoe. In die groot bosse loop allerlei bokke rond. Johannes en Lodewyk werk op kantore. Ons voorouers moes baie keer met die kaffers oorlog maak. Vir 'n boerekommando was die swartes vol vrees. Ek het een keer 'n man gesien, wat allerlei snaakse dinge kon doen. Die mense noem hom 'n gogelaar. Ek sal sê, dat ek uit sy pad bly. Smôrens staan ek vroeg op. Die meester kan ons mooi stories vertel. Van strooi word strooihoede gemaak. Bo in die klowe van die berge groei digte bosse. 'n Godlogeenaar sê dat daar nie 'n God is nie. In die voorjaar kry die bome lootjies of klein takkies. My skoene is deurgeloop. Dis nodig dat daar nou nuwe sole onderkom.

28

Lees hierdie opstel noukeurig oor—

DIE ESEL

Begin.—Daar is byna nie 'n plek in ons land waar die esel nie gevind word nie. Veral nadat die runderpes uitgebreek het, is hy vir die boer onmisbaar geword.

Vorm en kleur.—Die esel lyk 'n bietjie op 'n perd, maar hy is kleiner en ook nie so mooi nie. Hy het nie maanhare en ook nie 'n mooi stert nie. Omdat hy sulke groot, dik ore het, gee die mense hom partykeer die naam van langoor. Hy is grys van kleur. Die donker kruisstreek oor sy rug en skouers, het hom die naam van kruisdraer gegee.

Eienskappe.—Die esel is 'n stadige, geduldige dier. Vir vragtetrek is hy nie so goed en veral nie so vlug as die os en die perd nie. Deurdat hy so stadig maar vas op sy pote is, is hy egter uitstekend geskik vir pakkier. In 'n bergagtige wêreld,

waar die os en die perd nie gebruik kan word nie, stap die esel steil hoogtes uit.

Hy is baie keer koppig en nukkerig. Dit kom seker, omdat hy dikwels so bitter swaar kry. As hy goed behandel word, is hy lewendig en fluks; dan is sy hare glad en draf hy soos 'n perd.

Nut.—Die esel is onmisbaar vir die boer. Waar osse nie kan lewe nie, daar doen hy hulle werk. Hy moet help op die land en die goed mark toe bring. Seuns en meisies, wat ver van die skool woon, dra hy daarheen.

Slot.—Al is ons ou eseltjie dan ook 'n bietjie stadig en so nou en dan effe nukkerig, ons sal nie vergeet wat hy vir ons doen nie. Ons sal hom goed oppas en versorg, dan sal hy sy werk nog altyd beter doen.

29

Beantwoord nou die volgende vrae in volledige sinne—

1. Waar word die esel in ons land gevind?
2. In watter opsig lyk die esel baie soos die perd?
3. Waarin verskil die twee?
4. Watter byname gee ons aan die esel?
5. Waarom word hy so genoem?
6. Waarom is hy soveel werd vir die bewoner van die Laeveld?
7. Kan jy verklaar, waarom 'n esel baie keer koppig en nukkerig is?
8. Watter dienste bewys die esel aan kinders?
9. Wanneer sou jy sê dat 'n seun sy donkie goed behandel?

30

Gebruik die volgende woorde as bepalinge van hoedanigheid in goeie sinne—

Vinnig, netjies, snel, hard, flink, gebrekkig, heerlik, voorspoedig, trou, geduldig, moedig, versigtig.

31

Lees die volgende en vertel dit dan weer uit die hoof—

DIE KOSBARE STENE

“Kyk hier!” sê ’n ryk man vir ’n meulenaar, “het jy ooit al sulke kosbare stene gesien?” En hy wys vir hom ’n vinger-ring, waarin twee skitterende diamante fonkel.

“Hulle is pragtig!” verseker die meulenaar. “Maar,” sê hy, “watter nut het jy nou eintlik daarvan?”

“Nee, nuttig is hulle vir my gladnie,” antwoord die man.

“Wel,” sê die meulenaar, “dan kan ek jou ’n paar stene wys, wat baie meer waarde het. Ek verdien jaarliks goed ’n vierhonderd pond met hulle.”

“Die stene sou ek graag wil sien,” sê die ryk man.

“Met plesier,” antwoord die meulenaar. Hy bring die man na sy meul en wys hom daar die twee meulestene.

32

Skrywe die teëgestelde op van die vetgedrukte woorde—

’n Vredeliewende mens.

Vinnig lees.

’n Suiwer stem.

Mooi weer.

’n Ryk oes.

Lopende water.

’n Kwaai meester.

Eie tande.

’n Vervelende geselskap.

Warm weer.

’n Moeilike oefening.

Regs uitdraai.

’n Nederige vrou.

Droë brood.

’n Ligte ongesteldheid.

Groen vragte.

'n Breë brug.	Mistige weer.
'n Skerp mes.	Dikwels tuisbly.
'n Vrugbare landstreek.	Vars brood.
'n Driftige kêrel.	Duur groente.
'n Ligte pak.	Vals diamante.
'n Lafhartige soldaat.	Vroeg opstaan.
'n Vet os.	Ver bly.
'n Gladde plank.	Raak skiet.

33

(Vir mondelinge behandeling.)

Die persoonlike voornaamwoord as Onderwerp en Voorwerp.

DIE WEERKLANK

Voor-naamwoord.	Onderwerp.	Voorwerp.
Enkelvoud.		
1e Pers.	Ek roep die kaffer.	Die kaffer roep my.
2e „ (vertrouelik).	Jy roep die kaffer.	Die kaffer roep jou.
2e „ (beleefd).	U roep die kaffer.	Die kaffer roep u.
3e „ (mannelik).	Hy roep die kaffer.	Die kaffer roep hom.
3e „ (vrouelik).	Sy roep die kaffer.	Die kaffer roep haar.
Meervoud.		
1e Pers.	Ons roep die kaffer.	Die kaffer roep ons.
2e „ (vertr).	Julle roep die kaffer.	Die kaffer roep julle.
2e „ (beleefd).	U roep die kaffer.	Die kaffer roep u.
3e „ (mannelik).	Hulle roep die kaffer.	Die kaffer roep hulle.
3e „ (vrouelik).	Hulle roep die kaffer.	Die kaffer roep hulle.

Lees dit—

34

WAT DIE EIK VERTEL

Ek verbeel my dat ek 'n liefslingsboom van die mense van Suidafrika is. Ek bereik 'n hoogte van 60 tot 80 voet. Ek

het sterk wortels, wat my in die grond vashou. Ook het ek 'n kragtige stam en 'n pragtige vorm. My blare is diep ingesny. Ek groei baie stadig en kan verbasend oud word. Simon v.d. Stel het my langs die strate in Stellenbosch geplant en ek staan nog daar. Die kragtigste storm kry my nie om nie. Tog gehoorsaam ek die mense gewillig. Ek verkwik hulle met my skaduwee. Ek voorsien hulle van hout om skepe, meubels en brugge te maak. Daarom is ek 'n weldoener van die mens.

a. Onderstreep die persoonlike voornaamwoorde.

b. Skrywe hierdie stukkies in die 3de persoon enkelvoud en sit daarbo:—

DIE EIK

Hy verbeel hom dat....

35

Hier is weer 'n briefie, waarop 'n antwoord verwag word. Lees dit goed oor—

PRETORIA, 14 Januarie 1921.

BESTE GERT,

Laas keer het ek jou geskrywe dat Pa ons plaas gaan verkoop en op die dorp gaan woon. Dit het nou gebeur.

Laas week het ons al ons goed op twee waens gepak en na Pretoria getrek.

Eers was dit vir my maar baie vreemd hier en ek wou gou weer terug plaas toe. In ons huis was alles nog deurmekaar en omgekras en op straat was dit vir my te veel van 'n gewoel. Van die seuns het ek ook niemand geken nie en baie keer het ek geloop en dink aan my plaasmaats.

Ek begin daar nou so stadigaan gewoon aan word. Ons huis is groot en staan naby die trem. Ek het ook met 'n paar seuns van ons buurman maats gemaak. Gister was ons saam dorp toe om bietjie rond te kyk.

Hoe gaan dit met Frits van oom Piet en met ou Kiewiet? Man, ek is so nuusgierig om iets van julle te hoor. Skrywe my al die nuus, hoor!

My adres is: Schoemanstraat No. 513,

Arcadia,

Pretoria.

Groete aan jou Pa en Ma.

Jou liefhebbende vriend,

ALBERTUS.

Skrywe nou 'n antwoord van Gert aan Albertus van die volgende inhoud—

Vertel hoe snaaks dit vir hom is dat Albertus nie meer daar is nie. Hoe vreemd die plaas nou lyk van dat daar ander mense woon. Hoe dit met die ander seuns gaan. (Een of ander besonderheid.) Hoop om met die Paasvakansie vir 'n week te kom kuier, as Albertus se ouers nie omgee nie. Groete van sy ouers en maats. Slot.

Diktee—

36

y, ei

Pa sal op Syferfontein bly woon. 'n Kaffermeid mag nie in die trem ry nie. Lodewyk moes 'n broodjie in die bakkery gaan koop. In die dorp moet die kaffer die osse lei. Buite die dorp kan hy maar tou-opgooi. Adam en Eva het in die Paradys gewoon. Die rykes moet die armes help. Die nessie sit so hoog dat die seun dit nie kon bereik nie. Die arme Tys ly baie aan tandpyn. Die jagter skiet 'n patrys. Pa het 'n glasier wyn gedrink. Hy sê dat dit lekker smaak. In Indië word baie rys geëet. Die reisiger bereis al die groot dorpe in ons land. Ma kan die kos heerlik berei. Watter kleinjong ry op daardie perd?

37

Bepalings van **middel** en **oorsaak**.

(Vir mondelinge behandeling.)

Ma sny die brood **met 'n broodmes**.

Pa ry **met die trem** stasie toe.

Die kruppel man loop **met 'n kerie**.

Die boer vervoer sy produkte **met 'n wa**.

Die soldaat maak sy vyand **met sy sabel** dood.

Met 'n vliegmasien vlieg mens deur die lug.

Die timmerman sit die ruite **met stopverf** in.

Die sieke het **van gebrek** gesterf.

Ek kon **van vermoeidheid** nie slaap nie.

Die gras verlep deur die **droogte**.

Die leerling word geprys **om sy vlyt**.

Die kaffer word **met lis** gevang.

Hy moes **weëns geldgebrek** sy perd verkoop.

'n Groot deel van Messina is deur 'n **aardbewing** verwoes.

Suidafrika was in rou gedompel deur die dood van **president Kruger**.

Die man slaan sy teëstander **met die eerste slag** teen die grond.

Deur die storm werd baie bome uitgeruk.

Onthou—

Die bepalinge van **middel** antwoord op die vraag: Waarmee?

Die van **oorsaak** op die vraag: Waarom? of Waardeur?

38

Ontleed die volgende sinne—

Teen die end van die jaar kry ons vakansie.

Die spoorwegongeluk werd deur nalatigheid veroorsaak.

My oom bewerk sy lande met 'n stoomploeg.

Die boetebossie groei tussen die koring.

Die uitgeputte reisiger kon van vermoeidheid nie verder gaan nie.

In die Bosveld gaan baie mense aan koorssiekte dood.

Teen die aand het die kommando in ons dorpie aangekom.

Met groot krane trek mens swaar klippe op.

Die vergadering word deur die voorsitter geopen.

Voorbeeld—

Teen die end van die jaar	...	Bepaling van tyd.
kry		Gesegde.
ons		Onderwerp.
vakansie		Direkte voorwerp.

39

Skrywe af en vul op die plek van die strepies die teëgestelde woorde in—

DIE SON

Smôrens kom die son in die Ooste op; -- hy in die --. In die voormiddag styg hy al hoër; in die -- hy al --. Smiddags staan die son hoogste in die Noorde; om -- staan hy -- in die --. In die somer kom die son vroeg op en gaan hy laat onder; in die -- kom hy -- te voorskyn en -- spoedig weer. Waar lig is, is ook lewe. Smiddags is die skaduwees kort; in die -- en in die -- is hulle --.

40

Skrywe oefening 34 in die eerste persoon meervoud en sit daarbo—

WAT DIE EIKE VERTEL

41

Ook in die derde persoon meervoud onder die opskrif—

DIE EIKE

Diktee—

42

lik, liks, ryk

Die kinders kom vrolik terug. My broer, wat in Europa is, skrywe elke maand. Partykeer stuur hy vir ons belangrike nuus. Sodra hy sy studie voleindig het, kom hy huistoe. Die reisiger het Frankryk en Oostenryk besoek. Hy het die verblyf in die vreemde lande baie leerryk gevind. Dergelike reise kos egter vreeslik baie geld. Die afskuwelike moord van Dingaan is 'n treurige feit in ons geskiedenis. Iedereen moet met sy gelyke omgaan. Ek weet eintlik nie meer wie dit vir my vertel het nie. Die kind werd dadelik huistoe gebring. Gee ons hede ons daaglikse brood. 'n Koning regeer oor 'n koninkryk. Die gaste werd koninklik onthaal.

43

Gebruik die volgende woorde in sinne en sê watter bepalings van die Gesegde hulle uitdruk—

Hier, — oordag, — met 'n sekel, — van ouderdom, — op die skool, — weëns armoede, — oor die brug, — met 'n riem, — van benoudheid.

44

Vul in met u, jy, of julle.

In die eerste gebod lees ek: “—sal geen ander gode voor my aangesig hê nie.”

Piet, as — in die skool is, moet — hard werk.

Meneer, gister het — ons belowe, dat ons die laaste half uur mag teken.

Pa, het — — al vir — ’n ander bril gekry?

“Dogters,” sê Ma, “ek het — streng verbied om sonder kappies in die son rond te loop.”

Teunis! ek het — seker al tienkeer gesê om vroeër met — huiswerk te begin, maar — maak nes of — my nie hoor nie.

In die Psalme van David lees ek: “Al gaan ek ook in ’n dal van die skaduwee van die dood, ek sou geen kwaad vrees nie, want — is met my, — stok en — staf, die vertroos my.”

Kinders! as — nie hard werk nie, klop die jongetjies en meisies van Standaard IV — nog uit.

45

Net soos oefening 44.

’n Muisie waag dit om oor ’n slapende leeu te loop. Die leeu word egter wakker en gryp die muisie in sy klou. Volangs smeek die muis: “Ag, spaar my lewe, meneer Leeu! Wat het — daaraan om my dood te maak?” Die leeu kry hom jammer en sê: “Ek sal — nog ’n keer laat loop, maar pas op: as — weer in my nabyheid kom, dan is dit klaar met —!”

Meester.—Kinders! waarvan het ek — gister vertel?

Leerling.—Meneer! — het ons van die Groot Trek vertel.

M.—Wie van — kan vir my een van die oorsake van die Groot Trek opnoem?

M.—Weet — nog Greta, tot waar Trichard en Van Rensburg saam gereis het?

L.—Meneer, dit het — ons nie vertel nie.

M.—Nie! ek het vir — dit dan nog op die kaart aangewys.

46

Bepalings van doel en gevolg.

(Vir mondelinge behandeling.)

My oom gaan vir sy gesondheid na Warmbad.

Die arbeider werk vir sy brood.

Die kinders wedywer om die prys.

Die kind groei op tot vreugde van sy ouers.

Tot my spyt is my vriend gestorwe.

Tot my groot blydschap is my vriendin geslaag.

Tot my teleurstelling kon ek jou nie kom besoek nie.

Vir die koms van die eerste Minister het die mense die stad versier.

Hy eet om te lewe.

Vir sy voordeel gaan hy in die voorstede woon.

Hy doen sy bes om klaar te kom.

Tot spot van iedereen loop hy in die straat.

Onthou—

Die bepalinge van doel antwoord op die vraag: Met watter doel?

Die van gevolg antwoord op die vraag: Wat is dus die gevolg?

47

Vul die volgende sinne aan met 'n bepaling van oorsaak. (Deur watter oorsaak? waardeur?)

.... het baie boere groot skade gely.

.... het die man sy been gebreek.

Deur kon hy in sy onderhoud voorsien.

Middel. (Deur middel waarvan? waarmee?)

.... kom die werk nie klaar nie.

Met kom mens verder vooruit in die wêreld, as

Met het hy gou sy werk klaar gekry.

Doel. (Met watter doel? waartoe?)

Die regering het streng maatreëls geneem om

.... het baie mense een sieling betaal.

Ons lewe nie, maar ons eet

Gevolg. Dit sê hy tot van baie mense, wat na hom luister.

.... kan ek jou sê, dat ek my verlore knipmes weer gekry het.

.... kom hy my daaroor raadpleeg.

48

Diktee—

ie, i

Koffie is 'n algemeen bekende drank. Januarie, Februarie, Junie en Julie is maande van de jaar. Mientjie sit op haar Pa se knie. Die kanaries sit agter die tralies van hul hok. In ons famielie het ons 'n meisie met die naam van Marie. 'n Predikant verkondig die evangelie.

Vroeër was Transvaal 'n republiek; nou behoort dit tot die Unie van Suidafrika. Vir resitasie moet ek 'n stukkie prosa en poësie leer. Die Israëliete behoort tot die oudste volke in

die wêreld. My sussies Miena en Sofie maak rusie. Miena wil op die piano speel en Sofie op die viool.

'n Fabrikant is 'n man, wat 'n fabriek het. Watter groot riviere loop uit in die Atlantiese oseaan? Het jy al ooit 'n band van Russiese leer gesien?

49

Skrywe die volgende woorde in goeie volgorde—

Smeek, vra, bid, versoek.
Hardloop, vlieg, wandel, drawe.
 Swoeg, werk, arbei.
 Skree, roep, fluister, praat.
 Martel, pla, terg, kwel.
 Verag, minag.
Kerm, kla, sug.
Bederf, vernietig, verskeur.

So—

Vra, versoek, bid, smeek.

50

(Vir mondelinge behandeling.)

BESITLIKE VOORNAAMWOORDE

Enkelvoud.

Ek tel my skape.
 Jy tel jou skape.
 U tel u skape.
 Hy tel sy skape.
 Sy tel haar skape.

Meervoud.

Ons tel ons skape.
 Julle tel jul(le) skape.
 U tel u skape.
 Hulle tel hul(le) skape.
 Hulle tel hul(le) skape.

51

Lees dit—

DIE AASVOËL

Ek is 'n roofvoël. My kop lyk soos die van 'n arend. My oë kan skerp sien en my neus fyn ruik. My snawel is kragtig gevorm en sterk gebuig. Met my skerp naels kan ek my prooi uit mekaar skeur. My vere is grysagtig. Ek bring die nag deur op die hoë kranse. Daar is ook die nes van my kleintjies. Oordag vlieg ek op roof uit. Ek styg hoog op in die lug. Ek eet die vleis van dooie perde, beeste en skape, wat in die veld lê en vrot. Daarom gee die mense my die naam van aasvoël. Ek is 'n baie nuttige dier. Tog hou die mense nie van my nie. Hulle sê ek is veels te wreed en gulsig.

Skrywe hierdie stukkie in die 2de persoon meervoud—

Julle is roofvoëls

52

Lees dit—

DIE GULSIGE HOND

'n Hond dra eenkeer 'n stuk vleis in sy bek. Hy loop oor 'n smal plank oor 'n sloot. Toevallig kyk hy ondertoe. Nou verbeel hy hom dat hy 'n ander hond sien, wat ook 'n stuk vleis dra. Hy spring in die water en maak sy bek oop, om die ander stuk te gryp, maar laat daardeur sy eie stuk val. Tot sy verbasing is die ander hond sy stuk vleis nou ook kwyd.

Beantwoord die volgende vrae—

1. Hoe het die hond aan die stuk vleis gekom?
2. Waar het die plank gelê?
3. Wat sien hy in die water?
4. Wat wou die gulsige hond toe hê?

5. Hoe kom dit, dat hy sy eie stuk laat val?
6. Waaroor verbaas die hond hom?
7. Hoe het hy gevoel, toe hy anderkant kom?

53

Vertel self die geskiedenis van die gulsige hond met bietjie meer besonderhede, b.v.—

DIE GULSIGE HOND

Eenkeer loop 'n hond langs die straat. Toevallig kom hy by 'n slaghuis. Die deur staan oop en binnekant was niemand nie. Op die kapblok voor die toonbank lê 'n lekker stuk vleis

54

Diktee—

'n Swaweltjie is 'n mooi en nuttige voël. Klein voëltjies lyk nie so mooi as grotes nie. 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop. In vroeër jare het die mense met waens transport gery. Die voortrekkers moes menigmaal die waens in 'n laer trek. 'n Koeëlgeweer skiet verder as 'n haelgeweer. 'n Hoed met 'n breë rant beskerm die oë teen die sonstrale. Vlieë is lastige diertjies. In die somer is die dae langer as in die winter. By die poskantoor kan mens posseëls koop. In koue streke word in die winter ook sleeë vir vervoer gebruik. Na 'n tyd van droë weer, is reën baie welkom.

55

Ontleed—

Deur die oorvloedige reëns het die dam gebreek.
 Hy het dapper vir sy onafhanklikheid geveg.
 Ons ry met die trein na Johannesburg.
 Tot vreugde van sy ouers doen hy sy bes.

Ons lewe nie om te eet nie.

Die seun vang hase met 'n strik.

Die weduwee sal van verdriet sterf.

Tot my verbasing het hy my 'n sieling gegee.

Elke jaar gaan my oom vir sy gesondheid met die ossewa na Warmbad.

Met sommige kanonne kan mens twintig myl vér skiet.

Met u hulp het ons geslaag.

Om geld te verdien vertoon hy orals sy kunste.

Tot sy skade moes hy die huis verkoop.

Met toue werd die dier gebind.

Die kaffer werd deur 'n slang doodgebyt.

Voorbeeld—

Deur die oorvloedige reëns ...	Bepaling van oorsaak.
het gebreek	Gesegde.
die dam	Onderwerp.

56

Hier is 'n kort opstel oor—

'N PERD

'n Perd is een van ons mooiste huisdiere. Sy mooi, slanke vorm word deur iedereen bewonder. Sy nek is bedek met pragtige maanhare. Ook het hy 'n lang, harige stert. Aan sy mooi gevormde kop sien ons die vriendelike oë, die regopstaande ore en die wye neusgate. Die poot van 'n perd loop uit op één toon, wat met 'n hoef bedek is. Daarom is hy 'n eenhoewige dier, nes die esel. Hy het 'n enkelvoudige maag en herkou nie. Hy word vir rydier en trekdier gebruik. Onder die saal of voor die kar lê hy in kort tyd 'n groot afstand af. Hy is leersaam van aard en onderwerp hom gou

aan die wil van die mens. Die perd vra baie sorg. Na 'n lang rit moet hy goed koud gelei word. Elke môre moet hy goed geroskam en geborsel word. Ook op sy voer is hy nogal kieskeurig.

Na sy dood is hy van min waarde. In party lande word sy vleis wel geëet, maar dit smaak nie so goed as 'n os s'n nie.

Maak na hierdie voorbeeld 'n opstel oor—

DIE OS

N.B.—By die mondelinge behandeling van die opstel oor die perd moet die onderwyser(es) telkens vra: “Kan ons dit of dat ook sê van 'n os? Wat sou ons dan sê?”

57

Diktee—

b, p

Ons kat het vir my klein broertjie Frits in die knie gekrap. Jesus werd te Bethlehem in 'n krib gebore. Die spinnekop weef sy web in die heining om ons tuin. Die kaffermeid skrob die vloer van die kombuis met 'n skrobborsel. 'n Krap het twee skerp knypers. In die nabyheid van ons huis is 'n bierbrouery. Die messelaar val van die steier en breek 'n ribbetjie. Hulle moet hom dadelik in 'n rytuig na die hospitaal bring. Ertjies moet uit gedop word. Hy het my lelik gefop. Party vrouens gebruik hop om suurdeeg te maak. Die timmerman moet nog die kap op die mure sit.

58

Vul die lidwoorde en voornaamwoorde in—

DIE SKOENLAPPER

Koos loop eenkeer vroeg in — môre in — tuin. Hy wou vir s— Ma — blomruiker by mekaar maak. Hy pluk — rooi en — wit roos, — lelie, — paar viooltjies en — takkie seringe. Op eens sien hy — baie mooi skoенlapper. — seun vergeet — ruiker en loop — vlinder na, wat nou laag by — grond vlieg en dan weer hoog in — lug en eindelijk vermoeid op — blaar van — appelkoosboom gaan sit. Nou neem Koos — hoed en gooi die so hard as hy kan na — skoенlapper. Maar, ag, daar val — vlinder dood op — grond. Hy raap — op, maar laat nou — roos en — lelie val. Hy trap op — en klaar was dit met sy plesier.

59

Gebruik die volgende woorde en uitdrukkings in sinne en sê watter bepaling van die Gesegde hulle uitdruk—

Vir sy gesondheid, — tot sy leedwese, — môre, — aan sy voete, — uit medelyde, — met 'n emmer, — teen Nuwê-jaar, — met lis, — deur die runderpes, — tot my verbasing, — deur eie skuld, — vir sy vryheid, — met 'n skeermes, — sedert die oorlog, — vlytig, — onder die kaffers, — dapper, — tot spot van iedereen.

60

Lees die volgende eers goed oor—

IN DIE LENTE

Elke dag kom die son bietjie vroeër op en gaan bietjie later onder. Die dae word dan langer en die nagte korter.

Ons kan nou baie meer werk doen as in die winter. Die son staan ook elke dag 'n weinig hoër in die lug en die warmte neem toe. Die droogte is verby en die reëntyd vang aan.

In tuin en veld begin alles weer te lewe. Die gras word groen en fris. Die boere kom met hul vee uit die bosveld terug. Die spruite kry weer water. As die reën lank aanhou, word die riviere so vol, dat ons nêrens kan deurkom nie.

Skrywe nou bo die stukkies—

IN DIE HERFS

en skrywe al die sinne oor met die nodige veranderinge.

So—

Elke dag kom die son bietjie later op en gaan bietjie vroeër onder.

61

Vul in met die besitlike voornaamwoorde my, u, jou, sy, haar, hul, ons, julle—

Die seuns het met — maats na die swemgat gegaan.

Het Nettie — huiswerk al gedoen?

My suster besoek — vriendin.

Die voëls bou — neste in die bome.

Die ouers bemin — kind.

Die leerling vra — onderwyser om hulp.

Die ou boer vertel graag iets uit — jeug.

Tante praat ook graag oor — jong dae.

Jan! waar het jy — boek gesit?

Seuns! julle moet vanmiddag eers — huiswerk klaarmaak.

Ons het gister — skool versier.

As Pa verjaar, versier ons ook altyd — huis.

Die boer ploeg — land.

Die meisies bring 'n besoek aan — niggie.

Meisies! dis tyd om — vriendinnetjies te gaan afhaal.
 Die boere bring — vee marktoe.
 Die seun huil: — boek is weg.
 Die meisie was bedroef: — Ma was siek.
 Foei, seuns! waarom pla julle — sussie so?

Lees dit—

62

ESEL EN WINDHOND

Broer esel staan op d' veld en **kyk**
 Waar kom die wind vandaan.
 Juis kom daar van die anderkant
 'n Grote windhond aan.
 Die roep aan d' kantjie van die sloot:
 "Maar neef, jou ore is mos groot!"
 Ons **langoor** kyk 'n bietjie op;
 "Waar kom die stem vandaan?"
 Maar daar gaan die esel aan die lag,
 Toe hy die hond sien staan!
 "Loop, kêrel!" roep hy, "'k word haas bang
 Jou pote is **wel** vier voet lang!"

Die hond bly lag en roep maar weer:
 "Jou ore is te groot!"
 En die esel lag ook **ruim** so hard:
 "Maar jong, jy het 'n poot!"
 So het hul albei baie **pret**,
 Waarom? Daar werd **nie op gelet**.

1. Vervang die vetgedrukte woorde deur sienonieme.
2. Beantwoord die volgende vrae. Begin jou antwoord met die vetgedrukte woord.

Waar het 'n esel eenkeer gestaan en wat het hy gedoen?
 Wie het aan die anderkant **toevallig** verbygegaan?

Wat doen die, sodra hy vir langoor gewaar word en wat roep hy?

Waarom kyk die esel 'n bietjie op?

Wie sien hy daar staan en wat doen hy toe?

Wat roep hy op sy beurt nou die hond toe?

Waarmee hou die hond en die esel nog vir geruime tyd aan?

Waaroor maak albei hul vrolik?

Maar waaraan dink nie een van die twee nie?

63

Vul die volgende aan—

Eenkeer, toe 'n esel, kom

Sodra die hond, lag hy dat hy so, gaan en roep spottend: "Soe, ou neef, jy het!" Ons eseltjie, om Maar skaars of hy en roep op sy beurt: "Wel vrind, ... Dit lyk soos"

Die hond hou intussen maar aan vir die en die esel So het elk van hulle net oog vir wat hy vind en daardeur toon albei

64

Vul die persoonlike en besitlike voornaamwoorde in en skrywe die woorde tussen hakies in die verlede tyd—

DIE TROTSE POPULIER

'Aan die kant van 'n dam (staan) 'n mooi populier. Die mense (kyk) met genoeg na — op en (prys) —. Daarmee (is) — net in — skik — (word) hoogmoedig en (strek) — takke hoog uit in die lug. Eindelik (meen) — selfs, dat — ver- bo die ander bome (uit steek). Vir die hoogmoed (sal) hy duur betaal. Daar (kom) eenkeer 'n onweer op. Die ander bome (buig) nederig — toppe. Maar die populier (wil) van buig niks

afweet nie. Plotseling (kom) daar 'n windvlaag, wat — van — blare (beroof). 'n Twede vlaag (verniel) — top. Eindelik (skeur) 'n bliksemstraal — stam.

65

Diktee—

d, t

Die grysaard is oorlede in die ouderdom van ag-en-tagtig jaar. Piet het blomsaad in die rante om die beddinkies gesaai. Die droë gras op die rande is aan brand. Na die reën staan ons blomtuin vol onkruid. Lettie het drie ente op haar arm. Die uitvinding van buskruit het groot veranderings te weeg gebring. Ons geldstukke vertoon die beeltenis van koning George V. Die gids of leidsman lei sy reisgenote langs steil rotse. Ek gaan my boordjie aansit en my hoed opsit. Met kryt skrywe die onderwyser op die swartbord. Mens moenie die moed dadelik laat sak nie. In die nood leer mens jou vriende ken. Die vloed het die pont oor die rivier weggespoel.

66

Bepalings van hoeveelheid, tyd, maat, gewig en graad.

(Vir mondelinge behandeling.)

Daardie boek kos **vier** sielings.
 Die arbeider het **baie** gewerk.
 Die trein het **baie** hard gery.
 Engeland lê **6000** myl van Pretoria.
 Dit het vannag **taamlik** kwaai geryp.
 Ons het ons in die vakansie **kostelik** vermaak.
 Pa het die plaas vir **sestig** pond gekoop.
 Die skoolgebou is **40** voet lank.
 'n Skrikkeljaar duur **366** dae.
 Die onderwyser was **verbasend** ontevrede.

Ons het ons op daardie fees **dodelik** verveel.
 n Gulsige hond kry nooit **genoeg** nie.

Onthou—

Die bepalings van **hoeveelheid** antwoord op die vraag:
 Hoeveel, hoever, hoelank, hoe swaar **ens**.

Die van **graad** antwoord op die vraag: in watter mate?

67

Ontleed—

Die gesaaides het deur die baie reëns verbasend gely.

Die regering neem streng maatreëls om die verspreiding
 van die siekte teë to gaan.

Die beskuldigde werd met folterwerktuie gepynig.

Die skip vertrek na Oos Indië.

Gister het my tante vir my 'n goue oorlosie gegee.

My nefie word klerk in 'n kantoor.

'n Gierigaard het nooit genoeg nie.

Te veel is ongesond.

Ek het so lekkèr gelag.

Die seun werd weëns wangedrag uit die skool verwyder.

Uit medelyde sal ek jou jou skuld vergewe.

Die sekretarisvoël slaan sy prooi met sy vlerk.

Daar word 'n monument opgerig ter herinnering aan die
 held.

Met vereende kragte kon hulle die swaar klip verskuiwe.

Om die publiek te trek laat hulle die diere van die sirkus
 deur die stad lei.

Orals het hulle polisie om vir die veiligheid te sorg.

Voorbeeld—

Die gesaaides ...	...	...	Onderwerp.
het gely ...	...	...	Gesegde.
deur die baie reëns ...	...	...	Bepaling van oorsaak.
verbasend ...	...	...	Bepaling van graad.

68

Skrywe na aanleiding van die volgende punte 'n opstel oor—

DIE PADDA

Begin.—Word byna orals gevind, in slote en damme. Lewe in die water en op die land.

Eienskappe.—Gladde, slymerige vel; groot, uitpuilende oë. Swemvliese. Agterpote langer as voorpote. Kan goed spring. Klewerige tong. Vang insekte. Kwaak. Brulpadda.

Lewensgeskiedenis.—Eiers; slymerige omhulsel. Kleintjies lyk soos jong vissies. Gedaanteverwisseling. Waar in die winter.

69

✓ AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE

(Vir mondelinge behandeling.)

Hierdie seun is fluks.	Daardie seun is lui.
Ek gee vir hierdie seun 'n beloning.	Ek gee vir daardie seun straf.
Hierdie dogter is netjies.	Daardie dogter is slordig.
Ek sal hierdie dogter uitnooi.	Ek sal daardie dogter laat tuisbly.
Hierdie kind is gehoorsaam.	Daardie kind is ongehoorsaam.
Ek prys hierdie kind.	Ek vermaan daardie kind.
Hierdie leerlinge is vlytig.	Daardie leerlinge is lui.
Aan hierdie sy van die rivier.	Aan daardie sy van die rivier.

N.B. — Verklaar noukeurig die gebruik van **hierdie** en **daardie**.

70

Vul in met 'n aanwysende voornaamwoord—

ONS KLASKAMER

Ons klaskamer is nog nuut. In — kamer (waar ons nou is), staan twintig banke, maar in — kamer agtien. Langs — muur (waar ons teen staan) staan ses banke en langs—muur staan nege. Die kleur van — banke is donkergeel, terwyl — banke donkerbruin is. Aan — muur hang plate en aan — muur is die borde vasgemaak. Daar is vier borde: — twee is groot en — twee is klein. In — hoek staan die boekekas en in — hoek staan 'n paar opgerolde kaarte. In — kamer is daar twee deure. Deur — deur kom ons in die gang, deur — deur in 'n ander kamer.

71

Gee die teëgestelde op van die vetgedrukte woorde—

'n Goeie uur loop.	Nêrens die pad weet nie.
Die vorige week.	Die boonste trap.
Met oorleg handel.	Nooit tevrede wees nie.
Die inwendige dele van die liggaam.	Suur verdiende geld.
Wilde blomme.	Wilde diere.
Iemand vriendelik toespreek.	Vroom mense.
Nederige dames.	Die eerste dag van die week.
'n Dapper krygsman.	Oor die tien pond.
'n Lewendige omgewing.	Buite die bereik van die poliesie.
Bosveld toe gaan.	Die jukke uithaal.
'n Put grawe.	Sy nukke uithaal.

72

Jees dit—

JAN EN DIE BYE

Toe klein Jannie buite lê,
Kom 'n bytjie hom daar steek;
Woedend spring hy op en sê:
“Wag maar, wag, ek sal my wreek.”

En toe in sy onverstand,
Loop hy na die byekas,
Daarin gooi hy gruis en sand;
Maar hy loop hom lelik vas.

Byevolkie werd mos kwaad,
Laat die smaad nie ongewreek,
Val hom aan, en onse maat
Werd so bont en blou gesteeek.

Dit was nou sy eie skuld,
Aan geen mens durf hy dit kla.
Later wis hy met geduld
'n Klein ongelyk te dra.

Beantwoord nou die volgende vrae—

1. Waar het Jannie gelê?
2. Wat doen die bytjie?
3. Wat sê Jan toe?
4. Waarheen loop hy toe?
5. Wat gooi hy in die byekas?
6. Wat doen die bye?
7. Wie se skuld was dit?
8. Wat durf Jan nie doen nie?
9. Wat het hy toe later geweet?

73

Vul nou aan—

JAN EN DIE BYE

Eendag loop Jan in die veld. Hy word moeg en Spoedig was hy.... Toe kom daar 'n, wat hom Jan spring en roep:, ek sal my Jan was so, dat hy na die loop. Toe hy daar, gooi hy Die bye werd natuurlik en wou hul Hulle op Jan aan en hy werd Jan het baie, maar dit was Hy gaan huistoe, maar was skaam om te vertel wat vir hom gedoen het. Hy het geleer om met 'n klein te dra.

74

Diktee—

d, t

Die soldaat het 'n litteken op sy voorhoof. Soos 'n lafaard het die krygsman die strydperk verlaat. Die ywerige seun is druk besig met sy huiswerk. Sodra hy uit skool tuis kom, begin hy daarmee. In die Bybel lees ons die gelykenis van die mosterdsaad. Die antwoord van daardie kind was baie onbeleefd. Die rant van die hoed is stukkend. Berge en rande lyk op 'n afstand blou. Na 'n gevaarlike rit het Richard King in Grahamstad aangekom. Hoe groot is die breedte of wydte van die Limpopo rivier? Die termometer het gister 83 grade aangewys. Die dokter het vandag al die leerlinge geënt.

75

Maak sinne, waarin die volgende bepalings voorkom. Noem die bepalings—

Deur sy onkunde, — op sekere dag, — deur die honger, — weens sy domheid, — met die trapmasien, — tot sy spyt, —

vir sy herstel, — baie, — in die lug, — op Dingaansdag, — 90 voet, — sierlik, — verskriklik, — vrolik, — aan perde-siekte, — met 'n kurktrekker, — by die tafel, — dikwels, — deur sy vleierey, — met sy stert, — 140 pond, — tot ons geluk.

76

Vervang die vetgedrukte woorde deur aanwysende voornaam-woorde—

Die seun **hier** is my oudste broer.

Ken jy **die** vreemde man **daar**?

Hoeveel kos **die** perd **hier**?

Die blomme **hier** is nie so mooi as **die** blomme **daar** nie.

Sê vir **die** kaffer **daar**, dat hy maar kan loop.

Hoe laat vertrek **die** bus **hier**?

Die huis **hier** is te huur vir £4 in die maand, **die** andereen vir £5.

Hoeveel het jy vir **die** osse **daar** betaal?

Die rytuig **daar** is nog deur niemand bestel nie.

77

Byvoeglike bepalings.

(Vir mondelinge behandeling.)

Slegte dade word gestraf.

Nuwe besems veeg skoon.

Die wrede dood spaar niemand nie.

By Colenso werd 'n **bloedige** veldslag gelewer.

Die os is 'n **onmisbare** dier in ons land.

Hy het vir ons 'n **uitvoerige** brief gestuur.

Die huis van my oom is afgebrand.

Die verhaal van Dirk Uys is baie belangwekkend.

Die segeninge van die vrede kan mens nie genoeg waardeer nie.

Die geloof aan spoke is nog nie die wêreld uit nie.

Die gelykenis van die verlore soon is boeiend.

Die onderwyser het ons 'n algemene oorsig van die geskiedenis gegee.

Onthou—

Byvoeglike bepalings hoort by die selfstandige naamwoord. Hul kan sowel **vóór** as **agter** die Selfst. n.w. staan.

78

Onderstreep al die byvoeglike bepalings in die onderstaande stukkie—

DIE HOUTKAPPER

Ons wandel in die stille, eensame bos. De geruis van die hoë toppe bo ons hoof gaan soos 'n geheimsinnige taal, wat ons met diep erns vervul. Dit is die magtige taal van die natuur, wat in 'n groot bos duidelik gehoor kan word. Op eens verneem ons 'n snaakse, trommelende geluid. Dit is 'n houtkapper, wat op 'n droë tak sit en hamer en daardeur die geluid, die lied van hierdie voël, voortbring. Hy klouter op teen die stam van 'n dik boom, totdat hy eindelik 'n geskikte plek vind. Gou-gou maak hy 'n ronde gat en dit blyk dat die skynbaar gesonde boom binnekant vrot is. In die middel van die stam word 'n diep holte uitgepik. Spoedig is die woninkie in die boom klaar.

Die ronde, gladgemaakte opening is net groot genoeg om die flukse voël deur te laat. Daarna dra hy al die klein splintertjies weg, sodat die ondeunde seuns nie maklik kan uitvind waar sy kunstige nes is nie.

79

Lees dit—

DIE TWEE STEENBOKKE

Twee bokke kom van teenoorgestelde kant by 'n smal brug, wat oor 'n diep kloof lê. Die een skree vir die ander, dat hy eers moet wag, omdat hulle net een-een oor die brug kan gaan. "Ek sal nie wag nie!" roep die een, "ek was eerste hier gewees." "Ek is groter en sterker as jy!" roep die andereen, "ek gaan nie vir jou padgee nie!" So hou die rusie nog 'n rukkie aan. Eindelik laat hulle die koppe sak en storm mekaar. Deur die skok verloor hulle hul ewewig en val in die kloof, met die gevolg dat altwee hulle dood vind.

Skrywe nou 'n verhaal oor twee transportryers, wat mekaar in 'n nou poort ontmoet. Nie een van die twee wil pad gee nie. Eers sê hulle mekaar sleg en maak lawaai. Eindelik neem elk sy sweep en ja so vinnig moontlik aan. Die osse draai 'n bietjie uit, maar nie genoeg nie. Die waens loop in mekaar en van die een breek die disselboom en van die ander een 'n voorwiel.

80

Diktee—

f, v

Ons onderwyser het ons van Frederik Bezuidenhout vertel. Gedra julle altyd soos fatsoenlike jongetjies en meisies. Oom Freek het gister twee fasante geskiet. Koningin Viktoria was die grootmoeder van die teenwoordige Engelse koning. Stefanus teken allerlei mooi figuurtjies op sy lei. Ons drink altyd gefiltreerde water. Die afnemer het die voetbalfoto nog nie klaar nie. De bont vlinder fladder van blom tot blom. Ferdinand het 'n nuwe oorlosie gekry. Die vernaamste stede

staan in telegrafiese verbinding met mekaar. Die woord geografie beteken beskrywing van die aarde. Een vonk kan groot vlamme veroorsaak. As dit nie reën nie, sal die fonteine spoedig opdroog. Die kinders het hierdie jaar flink gewerk.

81

Onbepaalde Voornaamwoorde.

(Vir mondelinge behandeling.)

Daar was **iemand** om u te sien, maar ek weet nie, wie dit was nie. Hy het my **iets** vertel, maar ek mag dit aan **niemand** sê nie. **Mens** weet waarlik nie hoe die siekte sal afloop nie. Ek weet **wat**. Raai maar! Dis seker maar **niks** nie.

Skrywe die volgende af en onderstreep die onbepaalde voornaamwoorde—

Niemand weet die dag van sy dood nie. As mens dit weet, sou jy geen oomblik gerus lewe nie. Gelukkig dat ons daar niks van weet nie.

Iemand het my vertel van 'n skip, wat vergaan het. Ek het daar iets van gelees in die koerant, maar ek onthou daar niks meer van nie.

Niemand het ooit vir God gesien nie.

As mens op 'n Saterdagmôre op die mark kom, sal mens daar 'n groot aantal diere sien, wat te koop aangebied word.

As iemand daar iets wil koop, moet hy na die markmeester of na die afslaer gaan. Sonder die mense voer mens daar niks uit nie.

82

Gebruik die volgende woorde en uitdrukings in sinne en sê watter soort bepalings hulle aandui—

Om 1 uur — met 'n kweperlat — vir die veiligheid — 300 el — van blydschap — goeie — tot sy teleurstelling — van Simon van der Stel — baie — teen die aand — boaan — van die mosterdsaad — belangrik, — tot sy spyt, — weëns die swaar reëns, — 66 pond, — eerlik, — afskuwelik.

83

Lees hierdie opstel noukeurig oor—

DIE HOËVELD

Die oppervlakte van Transvaal word gewoonlik in drie groot dele verdeel: die Hoëveld, die Bosveld en die Middelveld. Die Hoëveld vind ons hoofsaaklik in die Suide. Die naam sê al, dat die streek hoog lê. Dis daar dan ook in die winter gewoonlik baie koud. Maar in die somer is die weer daar heerlik. Bome en bosse is daar amper nie. Daarvoor is dit daar in die winter veels te koud. So ver die oog reik volg die een kaal bult op die ander. In die somer wei hier duisende skape, beeste en perde. Hier woon die veeboere van Transvaal. Gesonder plekke sal mens dan ook nie gou kry nie. Perde kan daar die hele somer deur in die veld rondloop. Ook kry die mense daar maar sêlde koorssiekte. Jammer dat dit in die winter daar so koud is. Dan moet die boer sy mooi plaas verlaat om gras en beskutting vir sy vee te soek. Hout is skaars. Gelukkig dat op baie plekke steenkool te vinde is.

Skrywe nou self 'n opstel oor—

DIE BOSVELD

. Die begin kan dieselfde wees, maar daarna sal jy hier en daar iets moet verander.

84

Vragende Voornaamwoorde.

(Vir mondelinge behandeling.)

Die onderwyser sê vir die seuns—

Wie het sy somme klaar?

Wie se somboek is dit?

Vir **wie** het ek nog nie 'n boek gegee nie?

Wie het ek gestraf?

Die onderwyseres sê vir die meisies—

Wie het die kous klaar gebrei?

Wie se breinaald is dit?

Vir **wie** het ek 'n vingerhoed gegee?

Wie moet ek nou eerste help?

Die hoof van die skool sê vir die leerlinge—

Wie moet vandag skoolsit?

Wie se penne is dit die?

Vir **wie** het ek nog nie boeke gegee nie?

Wie moet ek pak gee?

Die inspekteur vra—

Wie was Jan van Riebeeck?

Watter goewerneurs het na hom geregeer?

Wie was een van die beste goewerneurs?

Wat het hy gedurende sy regering gedoen?

Watter rivier was die grenslyn tussen die Kosas en die witmense?

Watter land lê noord van die Kaap Kolonie?

Wat kan jy my van daardie land vertel?

Aan **wie** het die land vroeër behoort?

Van **watter** kafferstam werd dit afgeneem?

Na **watter** land het Piet Retief gegaan?

Met **wie** het hy daar onderhandel?

85

Skrywe die volgende af en vul die regte vorme van die vragende voornaamwoorde in—

RAAISELS

W— breek eerder 'n been, die een wat van 'n tafel afval of die een wat van 'n toring afval?

W— hane eet nie mielies nie?

In w— maand eet die mense die minste?

W— het sy Pa sien doop?

Vir w— moet iedereen sy hoed afhaal?

W— slaan sonder hande?

W— hoed kan mens nie op jou hoof sit nie?

86

DIE LUI LEERLING

Iedereen het 'n afkeer van 'n lui en onoplettende leerling. Vir so 'n leerling gaan die tyd stadig om, want as mens tyd mors, val dit lang. Die studie verveel hom, en om te dink vermoei hom, die werk is vir hom 'n las. Hy vind alles moeilik. Sy medeleerling verag hom; sy Pa straf hom. Hy sal 'n dom en verwaande man word; want hoogmoed gaan

gewoonlik saam met **onwetendheid**. Ek **beklaag** die lot van so 'n kind. Waarlik, 'n **slegte** opvoeding is die bron van baie **kwaad**, die oorsprong van baie **ondeugde**.

Skrywe nou bo aan die stuk "Die flukse leerling" en verander dan al die vetgedrukte woorde.

87

Diktee—

Voor daardie huisie is 'n laninkie.

My oom se seuntjie het drie konyntjies.

Hy hou hulle in 'n mooi hokkie.

Ons kat het drie kleintjies. Hulle ogies is al oop. Met hul skerp tandjies kan hulle seer byt. Partykeer loop een van die katjies met sy ruggie krom en spring dan meteens op sy mammië. Die broertjies stoei ook onder mekaar. Met 'n tolletjie of 'n lyntjie speel hulle graag. As boetie op sy stoeltjie sit, dan krap een van hulle hom in die beentjie of in sy handjie. Hulle kan nog nie muisies vang nie. Vir speletjies word hulle nie gou moeg nie. My sussie bind partykeer bandjies om hulle nekkies en sit aldrie in 'n mandjie.

88

Ontleed die volgende sinne—

DIE JAKKALS EN DIE REIER

Op sekere dag loop 'n jakkals deur die veld.

Daar kry hy die geraamte van 'n perd.

Van honger begin hy die bene te kou.

'n Klein beentjie bly in sy keel steek.

Dit maak hom baie seer.

Hy laat die dokter roep.

Weëns sy skelmagtigheid het hy maar min vriende gehad.

Niemand wou kom om hom te help nie.
 Tot sy vreugde kom die reier eindelik.
 Die reier steek sy bek in die keel van die jakkals.
 Met sy snawel trek hy die beentjie daaruit.
 Die beentjie was drie duim lank.
 Die jakkals skree verskriklik.
 Die reier vra betaling.
 Tot sy verbasing werd die jakkals boos. .
 Die reier vlieg dadelik weg.
 Uit woede loop die jakkals hom agterna.
 Die reier vlieg vir sy veiligheid oor die berg.

Vul aan—

89

Aan 'n wa sien ek (watter dele?)
 'n Berg het (watter dele?)
 'n Musikant speel op (watter instrumente?)
 Ek ken 'n aantal mak diere, soos (watter?)
 Ek ken 'n aantal wilde bokke, soos (watter?)
 'n Boer werk met (watter gereedskap?)
 Ek kan reis met of per (watter vervoermiddels?)
 Ek kan iemand 'n berig stuur per
 Ek kan eksame doen vir

90

Skrywe hierdie keer self 'n briefie aan jou vriend of vriendin.
 Sê vir hom of haar, waarom jy so lank laas geskrywe het.
 Baie werk met voorbereiding vir die eksame (sê watter eksame).
 Hard werk op skool en baie huiswerk. Wanneer die eksame
 begin het. Hoe lank dit geduur het. Hoe jy die papiere
 gevind het. (Party dinge maklik, ander weer moeilik.) Hoe
 jy nou na die eksame voel. Verlange na die uitslag. Hoop
 en vrees.

91

Wat is die teëgestelde van—

Die klok staan stil.
 Die maan groei.
 Die skool gaan uit.
 Hy verag die man.
 'n Mooi storie boei die leser.
 Die voorraad vermeerder elke dag.
 Verkwisting maak arm.
 Die water in die rivier sak.
 Die vlytige leerling word beloon.
 Die kaffer grawe 'n put.

92

Ontleed die volgende sinne—

DIE ESEL EN DIE HOND

Altwee was die eiendom van 'n ryk man.
 Die hond werd voorgetrek.
 Hy sit by die tafel van sy meester.
 Sy meester neem hom baiekeer op die skoot.
 Hy gee hom die lekkerste happies.*
 Dan waai Sultan sy stert.
 Ook lek hy sy baas se hand met sy tong.
 Dit geskied tot groot ergernis van die esel.
 Die esel kla sy leed.
 Vir my dwing hulle tot harde arbeid.
 Die hond eet lekker.
 Ek kry strooi.
 Deur sy vleiery wen hy die liefde van sy baas
 Ek sal probeer om ook in guns te kom.
 Net kom sy baas verby.

Die esel begin sy stert te swaai.
 Hy spring teen sy baas op.
 Hy balk geweldig.
 Die baas word benoud.
 Hy roep sy kaffers.
 Met die hulp van die kaffers ja hy die esel weg.
 Teen die aand sluit hulle hom op in die stal.
 Daar moes hy die hele nag sonder voer staan.
 Die volgende dag moes hy hard werk.
 Hy het 'n esel gebly.

93

Verbuiging van die byvoeglike naamwoorde.

Skrywe die woorde in Jakies in die regte vorm—

Die kindjie gly op die (glad) vloer.
 Die (groot) seuns spring oor die (breed) sloot.
 Hy werk die (swaar) somme op die (reg) manier uit.
 Die (mooi) huis staan tussen (hoog) bome.
 Die oorlog het aan baie (dapper) soldate die lewe gekos.
 'n (Sieklik) persoon moet (versterkend) voedsel kry.
 Die (ongelukkig) famielie is deur 'n (noodlottig) ramp
 getref.
 Die (koud) weer doen (ontsaglik) skade op die plase.
 Ons hoop op (beter) tye in die (naas) toekoms.
 'n (Goed) begryper het 'n (half) woord nodig.
 Tot sy (innig) smart moes hy verneem van die (treurig)
 ongeluk, wat sy (getrou) vriend oorkom het.
 Na die (warm) en (bedompig) weer kan ons (deurdringend)
 reëns te wagte wees.

94

(Vir mondelinge behandeling.)

Daar is verskil tussen—

'n Groot vader.	'n Grootvader.
'n Klein kind.	'n Kleinkind
Groot ouers.	Grootouers.
'n Ou leerling.	'n Oudleerling.
'n Klein seun.	'n Kleinseun.
'n Groot prater.	'n Grootprater.

Vul in—

Party kinders noem hulle oupa — vader en vir hulle ouma sê hulle — —. Jan se vader is 'n man van ses voet lank; hy het regtig 'n — — vader. Die kind van my oom is al vier jaar en is nog maar twee voet. Is dit nou nie 'n — — nie? Die ouers van my oom praat dikwels van hul — —, wat maar nie wil groei nie. Party kinders noem oupa en ouma met één naam en dan praat hulle van hulle — —. Op die vergadering het 'n man van oor die ses voet 'n toespraak gelewer. Was dit nou nie n' — — prater nie? Na hom het 'n klein kêreltjie gepraat en vir die mense vertel hoe 'n uitstekende man hy is. Was dit nou nie 'n — — prater nie?

95

Lees die volgende stukkies en vertel dit dan in jou eie woorde—

'N OULIKE KÊREL TJIE

Iemand het op sekere dag 'n paar vriende genooi om by hom te kom eet. Toe die tafel gedek was en die mense aansit, kom Frans, 'n seuntjie van ses jaar, neem 'n stoel en

gaan naas sy Pa sit. Sy Pa lag en sê: “Nee kêreltjie, jy mag nie hier wees nie. Jou baard is nog nie lank genoeg om saam met ons te eet nie!”

Frans gaan uit die eetkamer en kla sy nood aan sy Ma. Sy troos hom deur vir hom sy kos in 'n ander kamer te gee.

Terwyl die kêreltjie druk aan ete is, spring die ou huiskat naas hom op 'n stoel. Hy kyk hom vragend aan. Maar wat doen die oulike seun? Hy tik die kat met die vurk saggies op die kop en sê: “Gaan jy maar saam met Pa hulle eet. Jou baard is lank genoeg!”

96

Sinne met veelvoudige onderwerpe.

(Vir mondelinge behandeling.)

Water is 'n drank.

Melk is 'n drank.

Water en melk is drank.

'n Duif het vere.

'n Hoender het vere.

'n Duif en 'n hoender het vere.

'n Slang is 'n gevaarlike dier.

'n Tier is 'n gevaarlike dier.

'n Slang en 'n tier is gevaarlike diere.

Vorm nou ook van elke twee sinne één.

So—

Die koei en die perd is diere.

Die koei is 'n dier. Die perd is 'n dier.

Die koei is nuttig. Die perd is nuttig.

Die koei is 'n huisdier. Die perd is 'n huisdier.
 Goud is 'n metaal. Silwer is 'n metaal.
 Goud is 'n delfstof. Silwer is 'n delfstof.
 Die leeu is 'n roofdier. Die tier is 'n roofdier.
 Die leeu boer in die bos. Die tier boer in die bos.
 Die skaap eet gras. Die bok eet gras.
 Skaapvleis smaak lekker. Wildvleis smaak lekker.
 'n Mossie is 'n voël. 'n Duif is 'n voël.
 'n Dier het voedsel nodig. 'n Plant het voedsel nodig.
 'n Wa is 'n voertuig. 'n Kar is 'n voertuig.
 'n Sieling is 'n geldstuk. 'n Pond is 'n geldstuk.
 'n Baadjie is 'n kledingstuk. 'n Rok is 'n kledingstuk.
 'n Skoen is van leer. 'n Halterriem is van leer.
 'n Appel is 'n boomvrug. 'n Perske is 'n boomvrug.

97

Die Teenwoordige en Verlede Deelwoord as byvoeglike naamwoorde gebruik.

(Vir mondelinge behandeling.)

Werkwoord.	Teenwoordige Deelwoord.	Verlede Deelwoord.
Brand,	brandende, Die brandende huis.	gebrand. Gebrande koffie.
Kook,	kokende, Die kokende water.	gekook. 'n Gekookte stuk vleis.
Skoffel,	skoffelende, Die skoffelende kaffer.	geskoffel. 'n Geskoffelde land.
Gooi,	gooiende, Die gooiende kaffer.	gegooi. 'n Gegooide klip.
Buig,	buigende, Die buigende tak.	gebuigde. 'n Gebuigde tak.
Vermoei,	vermoeiende, 'n Vermoeiende wandeling.	vermoeid. My vermoeide bene.
Verkwik,	verkwikkende, 'n Verkwikkende slaap.	verkwik. Die verkwikte reisiger.
Verloor,	verlorende, Die verlorende speler.	verlore. Die verlore geld.

98

Vorm die teenwoordige en verlede deelwoord van die volgende werkwoorde en sit daar 'n passende selfstandige naamwoord agter—

Brand.
 Vlieg.
 Aankom.
 Smelt.
 Breek.
 Sterwe.
 Krul.
 Draai.
 Skeer.
 Kraak.

So—

Brand, brandende, gebrand.
 'n Brandende kers, — gebrande koffie.

99

Skrywe aan 'n vriend of vriendin die volgende—

Een van jou skoolmaats het verdrink. Was saam met ander maats na 'n plaas. In die nabyheid 'n groot dam. Daarop het hulle in 'n bootjie gegaan. Die seuns baie onverskillig. Bootjie slaan om ver van die kant. Probeer vergeefs om te red. Lyk die volgende dag gevind. Vanmôre begrawe. Besonderhede. Slot.

100

Wat is die verskil tussen—

'n Aankomende trein	en 'n Aangekome trein.
'n Verwelkende blom	en 'n Verwelkte blom.
Brekende glas	en gebreekte glas.

'n Oorwinnende leër	en	'n oorwonne leër.
Die verdwynende sterre	en	die verdwene sterre.
Kokende water	en	gekoekte water.
Krullende hare	en	gekrulde hare.
'n Aanvallende vyand	en	'n aangevalle vyand.
'n Barstende bom	en	'n gebarste bom.
'n Skerende barbier	en	'n geskeerde barbier.
'n Vertrekkende vriend	en	'n vertrokke vriend.

101

Diktee—

s, sk

'n Koning het 'n troon en 'n septer. Dit is die sinnebeelde van sy koninklike mag. Pase en Pinkstere is Kristelike feesdae. Brulpaddas kan sowel op die land as in die water lewe. In ons kindsheid het ons nie leed of verdriet geken nie. Met trotse tred stap die pou oor die werf.

Van kindsbeen af het Samuel die Here gedien. 'n Skerpioen het 'n skerp angel. Die bewoners van Skotland word Skotte genoem. Die Visrivier was die skeiding tussen die gebied van die kaffers en die witmense. In die Volkstem het ek gelees van die groot ramp te Standerton. Die moeder het haar kind verskeie kere gewaarsku. Die skutter laat die kind ook 'n skoot skiet. Visse swem maklik stroomop.

102

Sinne met veelvoudige gesegdes.

(Vir mondelinge behandeling.)

'n Muis is klein.

'n Muis is swak.

'n Muis is klein en swak.

Daardie kind lyk gesond.
 Daardie kind lyk sterk.
 Daardie kind lyk gesond en sterk.

'n Hond eet.
 'n Hond drink.
 'n Hond eet en drink.

Vorm nou ook van elke twee sinne één.

So—

Die muur is breed en hoog.

Die muur is breed. Die muur is hoog.
 'n Geldstuk is plat. 'n Geldstuk is rond.
 'n Perd is groot. 'n Perd is sterk.
 Die lug is koud. Die lug is droog.
 'n Stuk glas is hard. 'n Stuk glas is bros.
 Die bome is dik. Die bome is hoog.
 Die gras is lank. Die gras is droog.
 Die strate is nat. Die strate is vuil.
 Daardie huis is oud. Daardie huis is bouvallig.
 Die krans is hoog. Die krans is steil.
 Die wa stoot. Die wa kraak.
 Daardie kind leer. Daardie kind speel.
 Ons hond blaf. Ons hond byt.
 Die pad is lank. Die pad is smal.
 Die voor word breed. Die voor word diep.
 Die wa lyk nuut. Die wa lyk sterk.

103

GESKIEDENIS

Beantwoord die volgende vrae—

Wanneer en waar het “Die Haarlem” skipbreuk gely?
 Hoe lank het die skipbreukelinge aan die Kaap gebly?
 Hoe het hulle hul tyd daar deurgebring?
 Hoe het hulle na Holland teruggegaan?
 Aan wie het hulle hul ondervindings verhaal?
 Watter besluit neem die Verenigde Oosindiese Kompanie toe?
 Wie werd uitgestuur om ’n verversingstasie te stig?
 Wanneer het die eerste kommandeur aan die Kaap gekom?
 Waarop het hy hom vernaamlik toegelê?
 Waarom het hy ’n fort gebou?
 Met watter moeilikhede moes hy sukkel?
 Hoe lank het hy aan die Kaap gebly?
 Waarheen het hy toe gegaan?

104

Maak die volgende keer ’n klein opstel oor Jan van Riebeeck.

105

Skrywe af en trek onder die teenwoordige deelwoorde een strepie, onder die verlede deelwoorde twee strepies—

NAASTELIEFDE

’n Reisende handearbeider loop eenkeer op ’n warm somer-dag langs die groot pad van Pretoria na Pietersburg. Langsaam gaan hy vooruit op die sanderige pad, wat met ’n laag verstikkende stof bedek is. Tevergeefs soek die uitgeputte man die verkwikkende water om sy brandende dors weg te neem.

Eindelik kan sy vermoeide bene hom nie verder dra nie. Hy gaan onder 'n doringboom sit om daar van dors te sterwe. 'n Verbygaande boer sien die vreemdeling daar sit. Hy dink dat hy dood is. Hy klim van sy kar af en gaan na hom toe. Toe hy bemerk dat die reisiger bewusteloos is, neem hy hom op, sit hom in sy kar en ry na 'n nabygeleë winkel. Daar doen hy sy bes om die uitgeputte man by te bring. Die aangewende middele geluk. Die verlore bewussyn kom terug. Die geredde man dank die boer met betraande oë.

106

Vul die verlede deehwoorde in—

KOERANTNUUS

'n Ontsettende Spoorwegongeluk

Gisteraand het in die nabyheid van Valstasie 'n ernstige spoorwegongeluk (plaasvind). Die groot reëns het die brug oor die Waterval-rivier (wegspoel). Dit moet kort na sonsondergang (gebeur) het. Dit lyk of niemand daar iets van (weet) het nie. Toe die Natal trein teen half elf by die brug aankom, stort die lokomotief plotseling in die rivier. Die drywer en die stoker werd onmiddellik (dood). Die voorste drie waens werd in mekaar (skuiwe) en totaal (verniel), die origes werd ernstig (beskadig). Sover ons nou (hoor) het, het ag passasiers by die ramp (omkom).

Onmiddellik nadat die berig die stasiemeester van Standerton (bereik) het, het die flukse spoorwegambtenaar 'n aantal mense en ook twee dokters daarheen (stuur). Nadat die dokters die gewondes (verbind) het, is hulle na die Standertonse hospitaal (vervoer). Daar sal 'n noukeurige ondersoek na die oorsaak van die ramp (instel) word.

107

Sinne met veelvoudige sindele.

(Vir mondelinge behandeling.)

Die boer saai koring.
 Die boer saai hawer.
 Die boer saai koring en hawer.
 Die skape gee vir ons wol.
 Die skape gee vir ons vleis.
 Die skape gee vir ons wol en vleis.

In 'n dorp sien mens woonhuise.
 In 'n dorp sien mens kerke.
 In 'n dorp sien mens winkels.
 In 'n dorp sien mens woonhuise, kerke en winkels.

Vorm nou ook van elke twee sinne één.

So— Die kinders leer skrywe en lees.

Die kinders leer skrywe. Die kinders leer lees.
 Die koeie gee vir ons melk. Die koeie gee vir ons vleis.
 In die veld loop skape. In die veld loop bokke.
 Op die mark koop mens vrugte. Op die mark koop mens
 groente.
 'n Hond eet vleis. 'n Hond eet brood.
 Aan die boom groei perskes. Aan die boom groei appelkose.
 My Pa rook pyp. My Pa rook sigare.
 Die myne lewer goud. Die myne lewer diamante.
 Die jakkals vreet hoenders. Die jakkals vreet hasies.
 In die kerk sien mens ryk mense. In die kerk sien mens
 arm mense.

Hier is seuns op skool. Hier is meisies op skool.

Kinders moet hulle ouers liefhê. Kinders moet hulle ouers eer.

In die tuin groei wilde rose. In die tuin groei gekweekte rose.

108

Beantwoord die volgende vrae—

Waar woon jy? (Naam van plaas en distrik.)

Watter berg, spruit of rivier is daar in die nabyheid?

Hoe ver lê jou woonplek van die naaste dorp?

Is dit 'n gesonde streek? (Hoëveld of Bosveld.)

Woon daar baie of min mense in die omtrek?

Is die streek geskik vir veeplase of saaiplase?

Wat word daar gesaai?

Waarmee boer jou Pa?

Watter geboue staan daar op die plaas?

Waarvoor word hulle gebruik?

Waarom woon jy graag daar?

109

Gee die volgende keer 'n kort beskrywing van jou woonplek.

Diktee—

110

Die straal van 'n sirkel verbind die middelpunt met die omtrek. Daar lê 'n klein dorpie aan die samevloeiing van die Vaal en die Oranjerivier. Die veearts sê dat al die siek koeie onmiddellik doodgemaak moet word. Die houthakker saag die stam van die boom middeldeer. Die soldate kon van vermoeienis nie verder loop nie. Geweldige reënbuie volg op 'n tyd van groot droogte. Karel die Grote was een van die vernaamste vorste uit die Middeleeue. In die laaste oorlog het baie dapper soldate gesneeu. Deur burgeroorloë, hongersnood en pestilensie is die bevolking byna uitgeroei.

111

Vul die verlede deelwoorde in—

SUURFONTEIN, 3 *Julie* 1911.

LIEWE LETTIE,

Dat ek jou brief nie eerder (beantwoord) het nie, lê hieraan dat ek vir 'n paar dae siek was. 'n Paar dae gelede het die dokter my (toestaan) om 'n bietjie in die tuin rond te stap. Ek was bly om te hoor dat jy van jou uitstappie na Durban gesond (terugkom) het. Ek hoef seker nie eens te vra of jy baie plesier (hê) het nie. Ek dink nog baiekeer aan laas jaar, toe ons saam op reis was. Ons het dit toe baie (geniet) nè? Wil jy my glo Lettie, dat hierdie klein briefie my meer (vermoei) het as wat ek ooit (dink) het. Ek het nog nie die helfte van wat ek wou sê (skrywe) nie. Tog sal ek maar ophou.

Beste groete van,

Jou liefhebbende vriendin,

SARIE.

112

Die gebruik van die verbindingswoorde **en, of, maar, nog.**

(Vir mondelinge behandeling.)

'n Os is groot.

'n Os is sterk.

'n Os is groot en sterk.

'n Mens is oud.

'n Mens is jonk.

'n Mens is oud **of** jonk.

Die hoed is mooi.
 Die hoed is duur.
 Die hoed is mooi, **maar** duur.

Daardie meisie het geen vader nie.
 Daardie meisie het geen moeder nie.
 Daardie meisie het vader **nog** moeder.

Probeer 'n bietjie of jy **en, of, maar, nog** somaar
 in elke sin kan gebruik.

113

Maak van elke twee sinne één volsin, en gebruik één van die volgende verbindingswoorde—

en, of, maar, nog.

Die druiwe is ryp. Die druiwe is groen.
 Die perskes is groot. Die perskes is klein.
 'n Kind is fluks. 'n Kind is lui.
 Die huis is nuut. • Die huis is oud.
 Daardie dier is gesond. Daardie dier is swak.
 Die seun skrywe stadig. Die seun skrywe netjies.
 Hierdie tafel is nie rond nie. Hierdie tafel is nie vierkantig
 nie.

Daardie kind het geen vader nie. Daardie kind het geen
 moeder nie.

Daardie gras is kort. Daardie gras is groen.
 Hierdie stuk hout is nat. Hierdie stuk hout is swaar.
 Die man het nie geld nie. Die man het nie goed nie.
 'n Hond is getrou. 'n Hond is waaksaam.
 Die koring is ryp. Die koring is geel.
 Die skuur is groot. Die skuur is laag.
 Hierdie blomme het geen geur nie. Hierdie blomme het
 geen kleur nie.

'n Rivier is vol. 'n Rivier is leeg.

Hierdie perd is klein. Hierdie perd is sterk.

In hierdie kraal slaap koeie. In hierdie kraal slaap osse.

Hierdie jaar kry ons nie lemoene nie. Hierdie jaar kry ons nie druiwe nie.

Die dae is kort. Die dae is lank.

114

Vul die regte vorm van die byvoeglike naamwoord in—

'n (Klein) hasie loop eenkeer vrolik in die lusern rond, eet sy (rond) magie vol van die (sag) blaartjies, spring rond en het (groot) plesier. Daar kom 'n (wreed) jagter met sy (groot) geweer in sy hand. Sy (lelik) hond snuffel orals en soek die wild op. Dit duur nie lank of die (slim) jagter kry die (bang) hasie in die oog. Hy lê aan met sy (vreeslik) geweer en skiet die (stom) ding se bout af. Baie (rats) hasies is op die manier al aan hulle end gekom.

“Beter 'n (half) eier as 'n (leeg) dop,” sê die spreekwoord. Die (kruppel) perd mag nie voor die (swaar) kar gespan word nie. Die (slim) muisie wou net bietjie aan 'n (klein) stukkie spek ruik, maar werd gevang. 'n (Groot) boom val nie by die eerste slag nie.

115

Skrywe na aanleiding van die volgende punte 'n klein verjaarsbriefje—

PLAAS, DATUM.

AANSPRAAK,

Jy wens jou Oupa veelsgeluk met sy verjaarsdag. Jy hoop dat hy nog dikwels sy geboortedag mag herdenk. Jy dink nog baie keer aan die lekker vakansie, wat jy die vorige jaar by hom deurgebring het. Jy sal volgende vakansie weer kom kuier as Oupa dit goedgevind. Jy hoop dat Oupa ook weer 'n keer sal kom. Jy stuur aan Oupa die groete van jou ouers, en broers (susters).

116

Diktee—

Monnike en nonne woon in kloosters. Kiewieteiers smaak lekker. Die spinnekoppe wewe pragtige webbe in die heinings van ons tuine. Salomo was die wyste koning. Sodra die juffrou in die skoollokaal kom, begin ons onmiddellik werk. 'n Vreeslike storm het in ongelooflik kort tyd die huise se dakke afgewaai. Reinheid van liggaam is 'n eerste vereiste vir goeie gesondheid. Die arme kind was swaar verkoue; hy het aanhoudend gehoes. Watter godsdien bely die Siamese?

117

Maak van elke groep van sinne één sin.

In Durban is mooi winkels.

In Durban is breë strate.

In Durban is groot hotels.

Transvaal lewer vir ons goud.

Transvaal lewer vir ons silwer.

Transvaal lewer vir ons diamante.

Transvaal lewer vir ons steenkole.

Die Soeloes behoort tot die gekleurde ras.

Die Basoetoes behoort tot die gekleurde ras.

Die Swasies behoort tot die gekleurde ras.

Die Pondos behoort tot die gekleurde ras.

'n Vlytige kind wil vooruitkom.

'n Vlytige kind kan vooruitkom.

'n Vlytige kind sal vooruitkom.

Ons gebruik 'n koei se melk.

Ons gebruik 'n koei se vleis.

Ons gebruik 'n koei se vel.
 Ons gebruik 'n koei se horings.

Mens eet gekookte vleis.
 Mens eet gebraaide vleis.
 Mens eet gedroogde vleis.
 Mens eet gerookte vleis.

'n Olifant is 'n groot dier.
 'n Olifant is 'n sterk dier.
 'n Olifant is 'n troue dier.

'n Vink sing mooi.
 'n Leeuerik sing mooi.
 'n Nagtegaal sing mooi.

Is dit nodig om elke woord met 'n voegwoord te verbind?
 Wat sou mens in plaas van en kan gebruik?
 Wanneer moet mens die voegwoord gebruik?

118

Vergelyk die koei en die skaap met mekaar. Hier is 'n paar punte—

Waarin hulle ooreenkom.—Al twee soogdiere. Tweehoewig (net soos). Grasetende diere. Saamgestelde maag. Herkou hul kos. Baie nuttig gedurende hul lewe: melk, botter, kaas, wol. Na hulle dood: vleis, vet, vel (leer).

Hoe hulle verskil.—Grootte. Kleur. Horings of nie. Hare en wol. Die een sag van aard, die ander onnosel. Die nut van die een en van die ander. Verskil in smaak van die vleis. Gebruik van die vel.

119

Gee die teëgestelde van die volgende woorde en uitdrukkings—

Smôrens kom die son in die ooste op.

Onmatige mense lewe kort.

Die **arme** het ook **vrolike** dae.

'n Lui kind doen met **teësin** sy werk.

In die **winter** soek mens die **son** op.

Dis **moeilik** om 'n ou boom te buie.

Arm en **ongelukkig** gaan nie altyd saam nie.

'n **Ryk** man is baie keer **gierig**.

Slegte nuus trek gou.

Ek hoop dat jy altyd vlytig, wakker, eerlik en spaarsaam sal wees.

Tevredenheid is beter as rykdom.

'n **Verstandige** seun verbly sy vader.

Hoe **meer**, hoe **beter**.

120

Diktee—

Die pennemessie lê oop op die tafel. Die meester het 'n fraai boekekas van eikehout gemaak. Met Nagmaal geleentheid sien ons ons boerseuns en boeredogters in die dorp. Dan is die dorpskerk amper te klein. Die kinders van die dorpskool het nou net eksame gehad. In Stellenbosch kry mens mooi eikelanings. 'n Plaasskool het nie soveel onderwysers as 'n dorpskool nie. Wolmaransstad is die naam van 'n dorp en van 'n distrik. Op klammerige plekke groei baiekeer padda-stoele. Die briewebesteller bring die briewe, koerante en pakkies by die huise rond. Die kinders loop kaalkop in die brandende son. Die verspieders het 'n paar groot druiwetrosse saamgebring, toe hulle uit Kanaän teruggekeer het.

121

Skrywe die volgende verhaal in die verlede tyd en vul die lidwoorde en voornaamwoorde in—

Hoe 'n moeder haar kind verdedig.—Voor — — deur van — — boerewoning speel 'n kat met h— kleintjies. Dit is die eerste keer, wat sy met — — klein katjies buite is. Sorgvuldig pas sy — — op en is eers nog 'n bietjie bang; want as iemand na — — katjies wil kyk, sleep — — — — dadelik na h— mandjie. Maar sy word nie gehinder nie en spoedig speel en stoei — — met — — kindertjies en vrees geen gevaar nie. Maar hoog in — — lug draai — — valk rond en loer na — — klein katjies, wat net so min as — — moeder die gevaar besef, waarin — — verkeer. Plotseling daal — — rower grond toe en pak eën van — — katjies. Maar — — groot kat val die valk aan en verdedig — — kind. Nou slinger — — valk — — jong katjie van — — af en val — — moeder aan. Die geveg duur lank en — — voël takel — — kat vreeslik toe. Selfs pik — — — — een oog uit. Maar die kat gee nie in nie. Sy krap vinnig terug en beseer een van s— vlerke. Nou het sy h— vyand heeltemal in — — mag. Sy gee — — nog 'n paar krappe en byt — — toe dood. Nou hardloop — — kat na — — kleintjie. Op — — wonde let — — nie; h— pyne voel — — nie. Sy lek en streel die geredde katjie met moederlike trots en lê — — versigtig en sag in — — veilige hoekie.

122

Verenig telkens soveel moontlik twee of meer sinne tot een volsin—

Livingstone skrywe—

Die leeu brul dig by my oor.
Die leeu skud my.

'n Hond skud 'n rot so.
 Die skok maak my half bewusteloos.
 Ek gevoel geen vrees nie.
 Ek gevoel geen pyn nie.
 Ek weet nie wat met my gebeur nie.

Daar was iets sags in al die doen van daardie kind.
 Daar was iets sags in al die late van daardie kind.
 Daar was iets fyns in al die doen van daardie kind.
 Daar was iets fyns in al die late van daardie kind.
 Daar was iets liefliks in al die doen van daardie kind.
 Daar was iets liefliks in al die late van daardie kind.

123

Vul die regte woord in—

Hoor, luister

Ek -- die klok slaan.
 Ek -- na die onderwyser se vertelling.
 Wie nie wil -- nie, moet voel.
 -- na goeie raad.
 As ek snags wakker lê, -- ek na die suise van die wind.
 In die verte -- ek die gerommel van die onweer.

Saaï, poot, plant

In Julie en Augustus is dit tyd om bome te -- .
 Na die eerste reëns begin die boer sy grond te ploeg en daar
 na sy koring te -- .
 Dis nou ook haas tyd om ertappels (in) te -- 'n Saaier gaan
 uit om te -- .
 Die man in die gelykenis -- 'n wingerd.

Val, daal, sak

Die seun -- uit die boom en kry baie seer.

Die son rys in die Ooste en -- in die Weste.

Die kaffer -- tot aan sy heupe in die modder.

Nadat die lugballon duisend voet hoog opgegaan het, begin dit langsaam te -- .

Toe Jesus gedoop werd, het die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom neer -- .

Die reën -- met strome uit die wolke neer.

Diktee—

124

'N DONDERSTORM

Dit word vir ons in die huis te benoud; ons soek skaduwee en bly tog lusteloos. Die bewolkte lug word gedurig donkerder. Deur opgeskuipte rame kyk die mense uit om te sien, of hulle voortekens van die storm kan gewaar. Daar hoor ons die gerommel en in die Weste word die lug amper swart. Die blare van die bome, selfs van die populiere langs die dam, hang doodstil. So tussen die lawaai van rame wat neergelaat word, van vensters en deure wat gesluit word, kan ons 'n vreemde geruis hoor. 'n Paar oomblikke later buig die bome voor die winddruk en dwarrel takkies en blare, vermeng met stof, deur die lug.

Die huisdiere en die voëls soek skuilplek. Korter opmekaar volg die donderslae en deur die vensters kan mens die weerligstrale sien.

Een-twee-drie loop die pad onder water. Die slae word dowwer en dowwer en sterwe weg in die verte. Na nog 'n kwartier waai daar 'n fris windjie. Ons haal weer lekker asem en voel baie lekkerder as voor die onweer.

125

1. Ek skrywe.
2. In die skool skrywe ek met 'n pen.
3. Ek skrywe, maar my broer leer.

Wat is die Onderwerp in sin 1?

Wat is die Gesegde in sin 1?

Wat is die Onderwerp in sin 2?

Wat is die Gesegde in sin 2?

Hoe noem mens die ander dele van sin 2?

In watter opsig verskil sin 1 en sin 2 van mekaar?

Sin 1 is 'n sin **sonder** bepalinge.

Sin 2 is 'n sin **met** bepalinge.

Uit hoeveel dele bestaan sin 3?

Is elke deel 'n sin?

Hoe is die sinne aan mekaar verbind?

Ons het dus—

Ek skrywe	Sin.
My broer leer	Sin.
maar	Verbindingswoord.

As ons een van die twee sinne weglaat, het die ander een dan nog 'n goeie betekenis?

Watter ander voegwoord sou mens daar kan gebruik?

(en, want).

Onthou—

'n Sin, wat saamgestel is uit twee of meer ander sinne, noem ons 'n **Saamgestelde sin**.

Skrywe nou op—

126

- a. Al die (enkelvoudige) sinne sonder bepalings.
- b. Al die (enkelvoudige) sinne met bepalings.
- c. Al die saamgestelde sinne.

SPREEKWOORDE EN UITDRUKKINGS

Aanhouer wen. Daar kom die aap uit die mou. Agteros kom ook in die kraal. Die appel val nie ver van die stam nie. 'n Goeie begryper het 'n halwe woord nodig. Belofte maak skuld. Berou kom altyd te laat. Nuwe besens vee skoon. Sy boekie is vol. Mens moet 'n boompie buig solank as hy nog jonk is. Boontjie kry sy loontjie. 'n Ongeluk kom nooit alleen nie. Donkerwerk is konkelwerk. 'Die dood moet altyd 'n oorsaak hê. Die druiwe is suur. 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop. *Wie nie wil hoor nie, moet voel. *Geld, wat stom is, maak reg, wat krom is. *Sy haan moet altyd koning kraai. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die perd, wat die hawer verdien, kry dit nie. Moenie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie. As mens 'n hond wil slaan, kan jy gou genoeg 'n stok kry. Moenie slapende honde wakker maak nie. As mens in 'n glaashuis woon, moet jy nie met klippe gooi nie. Jakkals prys sy eie stert. Sy jas is in die wiel. Die klere maak nie die man nie.

—(*Hoogenhout en Schoeman.*)

127

Vervang in die volgende sinne die skuinsgedrukte woorde deur die teëgestelde daarvan—

Koue laat liggame **inkrimp**.

Matigheid en **arbeidsaamheid** bevorder die **gesondheid**.

Armoede is soms die gevolg van **verkwisting**.

Vrede is 'n groot **seën** vir 'n land.

In droefheid en teëspoed skyn dit of die ure verby kruip.
 Dis nie altyd ons **vyande** wat ons **bestraf** nie.
 Wie meer **ontvang** as wat hy **uitgee**, hou oor.
 Wie **minder** uitgee as wat hy ontvang, **hou** oor.
 Wie **minder ontvang** as wat hy uitgee, kom kort.
Slegte mense **verheug** hul oor die **teëspoed** van hul mede-
 mense.
 Die water in hierdie spruit is **troebel**,

Diktee—

128

'n Kaffer, wat 'n span van tien fluks muile moet drywe,
 moet goed kan leisels hou. Gister het ons na ons vermoeiende
 wandeling in die skaduwee van 'n wilgerboom gaan sit en
 uitrus. Net nadat ons tuis gekom het, het 'n groot donder-
 storm losgebreek. In die maande Junie en Julie word dit
 partykeer op die Hoëveld baie koud. Iedereen bewonder die
 moed van Dirk Uys. Die elektriese lampe versprei 'n pragtige
 lig in die strate. Allerlei gruwelike wreedhede werd deur die
 kaffers gepleeg. Op die ryk voorsiene tafel pryk die heerlikste
 vrugte. In agtienhonderd twee en vyftig werd die Sandrivier
 traktaat geteken. Aan die hoof van ons provinsie staan 'n
 administrateur.

129

Skrywe hierdie woorde in goeie volgorde—

Spoedig,	oombliklik,	dadelik.	
Skatryk,	welgesteld,	ryk.	
Spaarsaam,	inhalig,	suinig,	gierig.
Waar,	seker,	waarskynlik.	
Kwaad,	woedend,	driftig,	nukkerig.
Groot,	onmeetlik,	uitgestrek,	onafsienbaar.
Siek,	ongesteld,	doodsiek.	

Vermoeid,	uitgeput,	moeg.
Doof,	hardhorend,	stokdoof.
Pikdonker,	skemer,	donker.
Lou,	vuurwarm,	warm.
Onmisbaar,	nodig,	nuttig.

130

Skrywe af en onderstreep die verbindingswoorde—

Die somer het ons al 'n tydjie terug verlaat en ons voel al die koue van die winter. My ouers het Bosveld toe getrek, maar ons buurman moes noodsaaklik op sy plaas agterbly.

Nie alleen vir die vee was dit te koud, maar ook die voëls het nie lus gehad om die winter by ons deur te bring nie; daarom het hulle 'n warmer streek gaan opsoek. Spoedig sou dit vakansie wees en dan kom Pa my haal, want ek wou graag 'n bietjie gaan skiet. Dit was stil en eensaam in die Bosveld, maar tog was daar genoeg plesier. Elke môre staan ons vroeg op, want dan is die tyd om wild te skiet.

Ons het nie alleen baie bokke geskiet nie, maar ons het ook 'n buffel onder skoot gekry. Een môre het ons 'n koedoe gesien, maar dit was nog te donker om goed korrel te vat; daarom wou Pa nie na hom skiet nie. Daar was dié jaar nie baie groot wild te sien nie, daarenteen was die kleiner soorte bokke volop. Eenkeer sien ek 'n steenbok op omtrent veertig tree afstand; maar ek skiet mis, en hy laat vat. Ons het nie alleen na wild en ongedierte geskiet nie, maar ook die voëls moes dit ontgelde. Elke môre kom daar 'n menigte duiwe by die dam, want dit was omtrent die enigste drinkplek in die nabyheid. Dan het ek gewoonlik agter 'n boom gaan staan; maar hulle het my gou gewaar en gevlug, want ook die voëls vertrou iemand met 'n geweer nie lank nie.

131

Maak van die volgende sinne telkens 'n saamgestelde sin, en gebruik dan die voegwoord—

maar.

In die somer is die dae lank, maar
 Die hond is wel een van ons huisdiere, ...
 Hoenders het wel vlerke, ...
 Party mense sit wel nou en dan op 'n perd, ...
 Daardie kind dra wel 'n tas vol boeke, ...
 Baie vrywilligers het wel 'n geweer, ...

daarom.

Ek kan self nie kom nie, daarom
 Die skool begin om ag uur, ...
 In die somer is dit ongesond in die laeveld, ...
 Deur die groot droogte was die oes sleg, ...
 Woensdagsmiddags is die winkels toe, ...
 Daar werk baie kaffers in die myne, ...

want.

Die trein het 'n uur te laat aangekom, want
 Die vrugte is hierdie somer vroeg ryp, ...
 Ons moet gou huistoe gaan, ...
 Mens moet 'n wa nie te swaar laai nie, ...
 Daardie kind mag nog nie skooltoe gaan nie, ...
 Die huis kan op tyd klaar wees, ...

tog.

Die wa was heeltemal nuut; tog
 Die lug was die hele dag bewolk;
 Ons het hierdie jaar volop vrugte gehad;
 Die regering help baie mense aan werk;
 Die oefeninge is heeltemal maklik;
 Hy het die motorkar sien aankom;

132

Diktee—

Die swaweltjies bou hul kunstige nessies onder aan die dakgeute. Die beweging van die aarde om sy as veroorsaak die wisseling van dag en nag. Die Italianers woon in Italië; hulle spreek die italiaanse taal. Ons skat die breedte van die skoollokaal op agtien voet. Op 'n oulike manier het die muis aan die kloue van die kat ontsnap. 'n Godlogenaar is 'n slegte mens. Sodra die wasgoed droog is, begin Ma dit te stywe en stryk. Die sieke vlei hom met die hoop op herstel. 'n Uur het sestig minute en 'n minuut het sestig sekonde. Die goewerneur laat baie skryfwerk deur sy sekretarisse doen. Bo elke les staan 'n paragraaf of afdelingsteken.

133

Hoe heet hulle?

Hoe word die bedehuis van die Kristene genoem?

Hoe noem mens die kerk van die Jode?

Hoe noem mens 'n instrument, waarop mens kan sien hoe warm dit is?

Hoe word die afsonderlike dele van 'n ketting genoem?

Wat is die naam van die werktuig, waarmee mens myle ver kan kyk?

Hoe noem mens die instrument, waarmee mens klein dingetjies duisendmaal vergroot kan sien?

Hoe noem mens 'n berg, waaruit vuur en vlamme te voorskyn kom?

Wat word 'n plek, waar die rivierwater van 'n groot hoogte neerstort, genoem?

Hoe heet die plek, waar mens 'n rivier kan deurgaen?

Hoe noem mens die plek, waar 'n rivier deur 'n berg gaan?

Hoe noem mens die plek, waar 'n rivier begin?

En waar dit in die see loop?

134

Lees die volgende stukkies goed oor en laat my dan 'n klein briefjie weet, wat ek moet doen—

Op die mark te P. koop ek 'n hond, 'n bok en 'n sak met kool. Ek bring hulle huistoe, maar ek moet 'n vol rivier oor. Ek soek en vind 'n bootjie, maar daarin is net plek vir my en een van die twee diere of die sak. Die hond en die bok durf ek nie alleen laat nie, want dan baklei hulle. En as ek die bok by die kool laat, bly daar niks van die kool oor nie. Ek weet nie hoe om uit hierdie moeilikheid te kom nie.

Begin jou antwoord—

a. U moet

b. Mens moet

135

Maak van die volgende sinne telkens 'n saamgestelde sin en gebruik dan die voegwoord—

maar.

Die reëns het groot skade aangerig, maar

Met 'n motorkar kan mens gou oor die pad kom, ...

Die spreker het nie baie gesê nie, ...

My oom se plaas is pragtig aangelê, ...

Nou duur 'n reis van Kaapstad na Pretoria nog vyftig uur, ...

Party perde moet die hele dag swaar werk, ...

daarenteen.

Die tabakoes belowe nie baie nie, daarenteen

Daardie kind skrywe verbasend vinnig, ...

Die prys van wol is baie laag

In daardie huis is drie klein slaapkamers, ...

Die winternagte kan partykeer baie koud wees, ...

maar ook.

Nie alleen het hy dit gesê nie, **maar** hy het dit **ook** bewys.

Die Jakkals is nie alleen op hoenders versot nie, ...

'n Olifant is nie alleen 'n groot dier nie, ...

Die kind het nie alleen geval nie, ...

Nie alleen was al ons groente deur die hael verniel nie, ...

Die lafaard het nie alleen die wapens neergelê nie

Die diewe het nie alleen die geld saamgeneem nie, ...

136

Lees dit—

As jy wind saai, (dan) sal jy 'n warrelwind maai.

Die mens wik, (maar) God beskik.

(Die) aanhouer wen.

Mens ken die boom aan die vrug (van die boom).

Alles het sy voor en (het sy) teë.

Uit bostaande sinne kan mens die woorde tussen hakies weglaat. Probeer nou ook uit die volgende sinne weglaat, wat gemis kan word.

SPREEKWOORDE

Die onkruid vergaan nie.

Is jy ver van jou goed, dan is jy naby jou skade.

Hy sit soos 'n uil op 'n klip sit.

Jy moet soetjies oor die klippe gaan.

Deur skade en deur skande word mens wys.

Daar is nooit 'n rokie sonder dat daar 'n vuurtjie is nie.

As jy met roet speel, dan word jy swart.

Wat uit die oog is, is uit die hart.

Klein muisies het groot ore.

Hy is geweeg en hy is te lig bevind.

Hy is 'n man van twaalf ambagte, en hy is 'n man van dertien ongelukke.

Hoe kaler die jakhals is, hoe groter sy stert is.

Een voël in die hand is beter as tien voëls in die lug.

Hulle lyk op mekaar soos twee druppels water op mekaar lyk.

Met wortel en met tak uitroei.

Hoor vergaan en sien vergaan.

As mens oor die hond kom, dan kom jy oor sy stert.

137

Lees die volgende noukeurig oor—

DIE OGGEND

Die nag is verby en so stadigaan maak die duisternis plek vir die môreskemer. In die Ooste word die lug ligrooi gekleur. Nog 'n paar minute en die son steek sy kop uit. Die hele natuur ontwaak. Die blomme se kelke gaan oop. Die voëls verlaat hul rusplek en sing hul môrelied. Alleen die uil hoor mens nie meer nie. Die wilde diere kruip in hul skuilplekke weg, waar hulle die dag omslaap. Ook op die boer se werf is alles vol lewe en beweging. Terwyl die dorpenaar nog slaap, het die plaasboer al met die eerste gekraai opgestaan. 'n Bietjie later maak ook die dorpsmense hul vensters en deure oop. Versterk deur die slaap begin iedereen weer met lus sy dagwerk.

Skrywe nou bo-aan—

DIE AAND,

en skrywe die stuk met die nodige veranderings oor.

138

Diktee—

Wat wil u gebruik, 'n koppie koffie of 'n koppie kakao? Deur die skielike dood van die fabrikant is die fabriek vir 'n paar dae gesluit. Die oorgawe van generaal Piet Cronjé was 'n gewigtige historiese feit. Die polisie het orals na die misdadiger gesoek. 'n Paar medelydende mense het op die tweede Kersdag 'n heerlike fees vir die arm kinders berei. Ma het gister 'n lekker ribbetjie by die slagter gekoop. Dik swerms sprinkane het die boer se oes verniel. Aan die goue kettinkie was 'n silwer ringetjie. Die, wat die matrikulasie eksame met goeie gevolg afgelê het, kan sy studies aan 'n uniwersiteit voortset.

139

DAAR IS 'N HUIS GEBOU

Die argitek het die tekening gemaak en tenders gevra.

Verskillende aannemers het die plan en bestek noukeurig nagegaan.

Hulle het hul tenders aan die argitek gestuur.

Die laagste inskrywer het die werk gekry.

Die aannemer het dadelik begin.

Die bouterrein is sorgvuldig afgemeet.

Die kaffers het die gate vir die fondament gegrawe.

Die messelaars het met hul werk begin.

Hul het die fondament gelê.

Hulle het die steiers klaargemaak.

Hulle het die mure opgetrek.

Die timmerman het die balke gelê.

Hy het ook die kap inmekaar gesit.

Die sinkplate is netjies aan die kap vasgeskroewe.

Die loodgieter het die geute aangesit.

Die messelaar het die huis binnekant en buitekant gepleister.

Die verwer het die deure en rame geverf.

Die slotmaker het vir slotte en grendels gesorg.

Die plakker en ander werksmense het die huis klaargemaak.

Die argitek het alles noukeurig nagegaan.

Hy het sy aanmerkings gemaak.

Alles is in orde gemaak.

Die argitek het die werk goedgekeur.

Die eienaar het die verskuldigde som aan die aannemer betaal.

Die mense het ingetrek.

Skrywe dit af en skrywe bo-aan—

DAAR SAL 'N HUIS GEBOU WORD

B.v. Die argitek sal die tekening maak en tenders vra.
Verskillende aannemers sal

140

Verbind tellkens twee sinne tot 'n saamgestelde sin en laat uit, wat weggelaat kan word—

GEVANG

'n Winkelier het aan een van sy kennisse geld geleen. Hy het daarvoor geen bewys gevra nie.


'n Tyd daarna wou hy sy geld terughê. Die skuldenaar weier om te betaal.

Hy sê: "Jy kry van my nie 'n pennie nie. Ek het nooit van jou geld geleen nie."

Nou dagvaar die winkelier hom. Die skuldenaar verskyn voor die regter.

Die regter se taak was nie maklik nie. Die winkelier kon geen enkele bewys lewer nie.

Hy dink goed oor die saak na. Hy kon egter nie besluit, wat om te doen nie.



Eindelik vra die regter: "Waar het jy vir hom die geld gegee? Hoeveel geldstukke het hy ontvang?"

Die winkelier antwoord: "Ek het dit vir hom by 'n klein boompie langs die pad gegee. Ek het vergeet hoeveel geldstukke dit was."

Nou moes die winkelier die boompie gaan haal. Hy moes dit in die hof bring. Hy bly lank weg. Die boompie was ver. Die regter bemoei hom nie met die beskuldigde nie. Hy kyk papiere oor ander sake deur.

Na 'n uur kyk hy op. Hy sê ewe vriendelik: "Jou vriend bly lank weg. Jy moet nog maar bietjie wag."

Die beskuldigde antwoord: "Hy sal seker nog 'n uur weg bly. Die boompie staan goed een en 'n half uur hiervandaan."

"Gevang", sê die regter.

141

Skrywe in woorde neer, wat hier staan—

$$16734, 3081, 51557454.$$

$$\left(\frac{7}{8} - \frac{2}{3}\right) \times \left(1\frac{3}{4} + \frac{5}{6}\right) \div 3\frac{1}{2}.$$

$$.34 \times 1.67 \div .00628.$$

$$144 = 2^4 \cdot 3^2.$$

$$360 = 2^3 \cdot 3^2 \cdot 5.$$

$$\text{G.G.D.} = 2^3 \cdot 3^2.$$

$$\text{K.G.V.} = 2^4 \cdot 3^2 \cdot 5.$$

$$\text{£}25 \text{ Stg., } 4\text{s., } 3\text{s. } 6\text{d., } 6\text{d., } 3\frac{1}{2}\text{d.}$$

142

Hoe word hulle genoem—

Wat is die koning se naam?

Watter tittel dra die koning se oudste seun?

Watter tietel dra die verteenwoordiger van die koning in Suidafrika?

Watter tietel dra Generaal Smuts?

Hoe word die eerste amptenaar in die Hooggeregshof genoem?

Hoe word die amptenaar, wat aan die hoof van die bestuur in 'n provinsie staan, genoem?

Hoe heet die amptenaar, wat in 'n distrik aan die hoof staan?

Hoe heet die man, wat in die stadsraad aan die hoof staan?

Watter tietel dra die amptenaar, wat wette vir ons skole maak?

143

Skrywe oef. 139 af en sit bo-aan—

AS DIE HUIS KLAAR IS

B.v. As die huis klaar is, sal die argitek die tekening gemaak het en tenders gevra het. Verskillende aannemers sal

144

Verenig telkens twee sinne tot 'n saamgestelde sin en laat weg, wat gemis kan word—

DIE HOENDERS

Hoenders is nie soogdiere nie. Hulle is voëls.

Hulle lewe nie in die water nie. Hulle lewe op die vaste grond.

Hulle liggaam is nie bedek met hare nie. Hulle liggaam is bedek met vere.

Hulle kou of herkou hul kos nie. Hulle slik hul kos heel in.

Hulle pote het nie hoewe nie. Hulle pote het tone.

Hulle het nie koue bloed nie. Hulle het warm bloed.

Hulle slaap nie op die grond nie. Hulle slaap op die tak van 'n boom.

Hulle nes het hulle nie in 'n boom nie.

Hulle nes het hulle op die grond.

Hulle laat hul eiers nie deur die son uitbroei nie. Hulle broei hul eiers self uit.

Die hen laat haar kuikens nie aan hulle lot oor nie. Die hen is baie sorgsaam vir haar kuikens.

Hoendervleis het nie baie vet nie. Hoendervleis is baie voedsaam.

145

HENDRIK SE PLANNE

“In die somervakansie”, sê Hendrik, “sal ek my oom in Swaershoek gaan besoek. My broer Jan sal met my saam gaan. Pa sal ons stasie toe bring. Ons sal met die 7 uur trein vertrek en om 2 uur op Nylstroom aankom. Oom Piet sal ons kom afhaal. Die reis van Nylstroom na Swaershoek sal sewe uur duur.

“By Moddernek sal ons vir 'n halfuurtjie uitspan en by meneer Coetsee ook weer 'n rukkie. Teen 8 uur sal ons by oom Karel se huis aankom. Daar sal ons baie pret hê. Smôrens vroeg sal ons kraal toe gaan om kalwers te help uitkeer. In die voormiddag sal ons na die lande gaan om daar 'n bietjie te help. In die namiddag sal ons gaan swem en stamvrugte op die berg gaan soek. Dit sal 'n heerlike tyd wees!”

Wat van Hendrik se planne geword het—

Kort voor die somervakansie is sy Pa ernstig siek geword. Toe moes Hendrik tuis bly om sy Ma te help. Hy vertel nou nog 'n keer aan sy maat, wat sy planne was:—

B.v. “In die somervakansie, wat nou verby is”, sê Hendrik, “sou ek my oom”

146

Diktee—

Potchefstroom is die ou hoofstad van Transvaal. Toe ek dertien jaar was, het ek die beurseksame deurgekom. Ek het toe die plaasskool te Wolmaransstad verlaat en is leerling van die Potchefstroom Gimnasium geword. Die mielieoes was hierdie jaar baie beter as die koringoes. 'n Groot skare het in die dorpskerk bymekaar gekom om die afskeidsrede van die geliefde leraar te hoor. In ons tuin staan appelkoosbome, perskebome, lemoenbome, perebome, pruimbome, en appelbome. Die klokke van die dorpskerke in Suidafrika het by die begrafnis van president Kruger gelui. Die erfenis het vyfduisend pond bedra. Alle dokumente moes eers beoorlik geregistreer word.

147

Verbind telkens twee sinne tot 'n saamgestelde sin, en laat weg wat gemis kan word—

DIE SEEKOEI

Die seekoei lewe nie op die land nie. Die seekoei lewe meestal in die water.

Mens tref hom nie dikwels in die see aan nie. Mens tref hom gewoonlik in riviere aan.

Hy is nie 'n vis nie. Hy is 'n soogdier.

Sy vel is nie met skubbe of vere bedek nie. Sy vel is glad en kaal.

Hy kannie lank onder water bly nie. Hy kom gedurig weer bo.

Hy haal nie deur kieuë asem nie. Hy haal deur sy longe asem.

Sy bloed is dan ook nie koud nie. Sy bloed is dan ook warm.

Die seekoei broei sy kleintjies nie uit nie.

Die seekoei bring hulle lewend in die wêreld.

Hy kannie goed loop nie. Hy kan uitstekend swem.

Hy eet nie vleis nie. Hy eet wortels en waterplante.

Mens maak nie so seer om sy vleis op hom jag nie, mens maak vernaamlik om sy vel jag op hom.

Van sy vel maak mens nie skoene nie. Van sy vel maak mens swepe en sambokke.

'n Seekoei se kleintjie word nie 'n lam genoem nie. 'n Seekoei se kleintjie word 'n kalf genoem.

148

Stel vrae, waarop die vetgedrukte uitdrukings die antwoord gee—

Die esel behoort tot die **eenhoewige soogdiere**.

In gedaante lyk hy naasteby soos 'n perd, maar hy is **kleiner en minder sierlik van gestalte**.

Ook het hy **nie maanhare en nie 'n lang stert nie**. Hy is bekend deur sy lang, dik ore, **vaalgrys kleur en donker kruisstreep oor rug en skouers**. Hierdie kenmerke het hom die bynaam van **langoor en kruisdraer** verskaf.

Die esel is **geduldig van aard**. Hy het 'n **stadige, maar seker en vaste gang**. Daardeur is hy uitmuntend geskik om laste te dra en bewys hy goeie dienste **by die bestyge van berge**. Verder is die esel **koppig en vol buie**: veral, as hy **sleg behandel word**. Onbillik is dit egter om hom lui en dom te noem. Inteendeel, hy het 'n **goeie geheuge en toon partykeer heelwat oorleg**. Alhoewel hy hard moet werk, is hy met baie skraal kos tevrede. Maar van **troebel water** hou hy nie.

So—

Tot watter soort diere word die esel gereken?

Met watter dier kom hy in vorm ooreen?

Wat is die verskil tussen die twee?

149

Lees dit—

1. Ek gaan skooltoe, **en** my broer gaan na die kantoor.

2. Hierdie man is baie ryk, **maar** daardie man is arm.

3. Die bome het hierdie jaar min gedra, **want** die wind het baie bloeisels afgewaai.

Bekyk bostaande sinne goed.

Watter soort sinne is dit?

Het elke sin op homself 'n goeie betekenis?

Wat doen die **voegwoord** in die eerste sin?

Dit las twee sinne; dit bind hulle saam; dit skakel hulle aan mekaar.

Die sinne is dan ook **aaneenskakelend** verbind.

Die voegwoord **en** is 'n **aaneenskakelende** voegwoord.

Wat doen die **voegwoord** **maar** in die tweede sin?

Dit verbind ook twee sinne, maar die inhoud van die eerste sin is net die teëgestelde van wat in die tweede sin gesê word.

Die sinne is **teenstellend** verbind.

Die voegwoord **maar** is 'n **teenstellende** voegwoord.

Wat doen die voegwoord **want** in die derde sin?

Dit verbind weer twee sinne, maar die tweede sin gee die **oorsaak** aan, waarom die bome min gedra het (sin 1).

Die sinne is **oorsaaklik** verbind.

Die voegwoord **want** is 'n **oorsaaklike** voegwoord.

150

Skrywe nou 'n paar sinne op, wat aaneenskakelend, teenstellend of oorsaaklik verbind is.

Aaneenskakelend	en,	ook.	
Teenstellend	maar	dog.	
Oorsaaklik	want	daarom	dus.

BLACKIE AND SON LIMITED

50 OLD BAILLY, LONDON: 17 STANHOPE STREET, GLASGOW

BLACKIE AND SON (INDIA) LIMITED, BOMBAY

BLACKIE AND SON (CANADA) LIMITED, TORONTO

Printed in Great Britain by Blackie & Son, Limited, Glasgow